# HOOFSTUK 3



*Beleid- en bestuurstrukture*

*Elize van Eeden*

Die wyse waarop die Universiteit sedert selfstandigwording bestuur is en sy beleid vervolgens gevestig is, het baie nou saamgeval met die bestuursbenadering van die rektor van 'n bepaalde tydperk sowel as met die Universiteitsraad wat saam met die rektor besluite moes neem. Sodanige besluite was die resultaat van idees wat praktyk gemaak is om behoeftes, sake en vraagstukke tot voordeel van die PUK van daardie tyd, én die PUK van die toekoms te wees. Om die bespeking te rig, is hierdie hoofstuk in twee dele verdeel, naamlik 'n bespreking van die algemene Universiteitsbeleid en -bestuursampte wat sedert 1951 bestaan het. Dit word gevolg deur 'n bespreking van hoe die bestuursbenadering van elke rektor die verloop van die PUK-geskiedenis help bepaal het.

## 3.1 Beleidstrukture


### 3.1.1 Vanaf selfstandigwording, 1951 tot 1988[1]

Vir die PUK was die negentigerjare van die twintigste eeu verreweg nie in soveel omstredenheid gehul as die dekades wat dit voorafgegaan het nie.[2] Vanuit 'n bestuurperspektief beskou, was die proses van demokratisering, afwenteling van gesag tot laer bestuursvlakke en samesmeltings sekerlik sommige van die moeilikste sake waarby veral die besture van universiteite moes aanpas. Dit is beweer dat voor die nuwe demokratiese bedeling van 1994 in Suid-Afrika daar geen besonderse logiese wyse was waarop universiteite bestuur is nie. Buiten dat blanke universiteite 'n groot mate van outonomiteit geniet het, "much power was vested in the vice-chancellor as the chief executive officer". Rade is aangewys en bestuur volgens die Britse model met lede aangewys vanuit die regering, die sakegemeenskap, 'n verkose konvokasie en ander gemeenskapskomponente wat oor bepaalde bestuursmagte beskik het. Lede is gekies en verkies volgens hulle oënskynlike waarde vir 'n tersiêre inrigting en hulle ideologiese aanpasbaarheid by die kultuur van sodanige inrigting. Aan die moontlikheid om oor die algemeen meer akademiese personeel en studente by bestuursvergaderings te betrek is klaarblyklik aan die meeste tersiêre inrigtings nie werklik mee besondere moeite gedoen nie. Gevolglik was 'n beperkte deelname van die akademiese en studentekorps in sodanige vergaderings aan die orde van die dag.[3]



*Die Bestuur en Dekane teen 1984: voor v.l.n.r. T.A. van Dyk (Vise : Vaaldriehoekkampus), J.S. du Plessis (Vise-rektor), T. van der Walt (Rektor), N.J. Swart (Viserektor: Finansies & Bedryf), E.J. Smit (Registrateur) agter v.l.n.r.: J.C. Coetzee (Teologie), A.P.G. Goossens (Farmasie), C.J. Reinecke (Natuurwetenskappe), R.C. Everson (Ingenieurswese), J.J. de Wet (Opvoedkunde), J.J.D. Havenga (Ekonomie), A.J. Viljoen (Lettere en Wysbegeerte), W.E. Scott (Regte) (Bron: PUK-Argief)*

Ten opsigte van beperkte deelname was die PU vir CHO geen uitsondering nie. Gedurende die rektorstermyne van proff. Chris Coetzee, Hennie Bingle en Tjaart van der Walt was die Britse model hoofsaaklik toegepas en selfs verder geskaaf om minder vaste komitees in die Senaat[4] te akkommodeer. Die waarskynlike doelwit hiermee was om, bestuursmatig beskou, meer "vaartbelyn" te wees. Tog het hierdie benadering ook die boodskap gesein van 'n nog meer beperkte deelname aan bepaalde besluitneming in komiteeverband deur die meerderheid van werknemers. Wat individuele deelname oor die algemeen betref, was besliste groei binne die strukture van die Senaat wel sigbaar.



*Die PUK teen 1951 (Bron: PUK-Argief)*

Vanaf prof. Van der Walt se rektorstermyn is 'n paar aanpassings gemaak en het die Senaat reeds uit 127 lede bestaan wat departementshoofde en sommige van die senior lektore ingesluit het, asook lede (merendeels bestuurders en direkteure) van onder meer institute en buro's.[5] Om bestuursveranderings ná die Van der Walt-periode (1988) te begryp, word die bestuurstruktuur soos dit teen 1951 gevestig was, eers in Figuur 3.1 voorgehou:

Vir die Konservatorium en die Departement Musiek was in die bestuurstruktuur van 1951 nie voorsiening gemaak vir afsonderlike fakulteite nie, aangesien hulle deel was van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. 'n Ander besonder insiggewende beleidsbenadering in hierdie tyd was die benoeming van 'n verteenwoordiger uit 'n fakulteit om sitting te hê op 'n vergadering van 'n ander fakulteit. Hierdie benadering is gevolg hoofsaaklik om oor die belange van die eersgenoemde fakulteit te waak met betrekking tot die grade of vakke wat deur die ander een aangebied is.[6] Inderwaarheid kon dit eintlik 'n gulde geleentheid gewees het om assosiasies interdissiplinêre te verstewig – 'n moontlikheid waarmee redelike sukses behaal is. Alhoewel 'n proses van wedersydse verteenwoordiging steeds teen 2003 aan die orde was, mag interdissiplinêre wisselwerking groter hoogtes bereik in die akademiese formaat van skole en navorsingsfokusareas soos dit na 1998 toegepas is.

**KANSELIER**

**VISE-KANSELIER – REKTOR**

**Raad (15 lede)** | **Senaat**

**Konvokasie**

**Registrateurs**

**Vaste komitees van die Raad** | **Vaste komitee van die Senaat (waaronder Fakulteitsrade)**

**Dekane Fakulteite (ses Fakulteite)**

**Lettere en Wysbegeerte (23 departemente)**
**Natuurwetenskappe (13 departemente)**
**Teologie (sewe departemente)**
**Opvoedkunde (tien departemente)**
**Ekonomiese Wetenskappe (13 departemente)**
**Sosiale Wetenskappe (sewe vakgroepe)**

*Figuur 3.1: Die bestuurstruktuur soos teen 1951*

**KANSELIER**
**Visekanselier – Rektor**
**Viserektore**
**Registrateurs**
**Ampsdraers van die Universiteit**

**Raad**
**Dagbestuur (Rektor, Viserektore, Registrateurs)**

**Senaat**
**Rektor; Viserektore;**
**Registrateur; Dekane;**
**Direkteure; Hoofde van skole;**
**Direkteure: Navorsing;**
**Fakulteite (vier verteenwoordigers uit elk);**
**Direkteur: Ondersteuningsafdeling;**
**Nie-akademies (twee verteenwoordigers);**
**Voorsitter van die Raad;**
**Lede Studenteraad (drie);**
**Studente (drie);**
**Ampsdraers (twee)**

*Figuur 3.2: Die PUK-bestuurstruktuur, 1999*


## 3.1.2 Groter wordende bestuurseise gedurende die Reinecke-termyn, 1989-2001

Ondanks heelwat beplanning, beleidstrukture en -prosesse wat gereed gemaak is om die algemene bestuurseise van die tyd te hanteer – onder meer groter deelname van werknemers – was dit veral die Hoër Onderwyswet van 1997, soos toegepas vanaf 1998, wat begin fokus het op beginsels soos samewerkende bestuur.[7] Volgens die bestuursuitleg in Figuur 3.2 (kyk vorige bladsy) is dit duidelik dat die PUK reeds voor die demokratisering van Suid-Afrika in 1994, gevolg deur die daadwerklike transformering van die onderwys oor die algemeen, prosesse gereed gekry het om groter verteenwoordiging binne die hoogste vlakke van besluitneming te bewerkstellig: Vir effektiewe bestuur is voorts ook toenemend gedink oor wat die Universiteitsraad se vernaamste verantwoordelikhede is en/of behoort te wees. Nog voordat die Goldstone-kommissie gedurende die middel van die negentigerjare aanbevelings hieroor gemaak het, gevolg deur die Onderwyswet van 1997 waarin die regering met behulp van die insette van tersiêre instellings aanbevelings in hierdie verband gemaak het,[8] het die PUK al meer as 'n dekade lank op eie stoom aan sommige van hierdie latere aanbevelings gewerk. Sommige van hierdie aanbevelings sluit onder meer die volgende in:



*Die Bestuurskomitee, 2001: voor v.l.n.r. proff. C.J. Reinecke (Rektor), A.J. Viljoen (Viserektor) Agter: proff. C.F.C. van der Walt (Registrateur), W.E. Scott (Viserektor: Akademie), P.J.J. Prinsloo (Viserektor: Vaaldriehoekkampus), F. van Niekerk (Viserektor: Tegnologie), M.S. Zibi (Viserektor: Ontwikkeling), I.J. Rost (Registrateur: Finansies) (Bron: PUK-Argief)*

- die ontwikkeling van 'n visie en –missie vir die PUK
- die aanstelling van 'n visekanselier (rektor) en ander senior bestuurslede (kyk figuur 3.3 en figuur 3.4)
- die ontwikkeling van 'n strategiese plan
- die monitering van die transformasieproses
- die handhawing van veiligheid en orde in en om die kampus.[9]




*Figuur 3.3: Die bestuurstruktuur van vergaderings in 2000[10]*

**Kanselier (Dr. D.C. Cronjé)**
**Visekanselier/Rektor (Dr. T. Eloff)**
**Viserektor: Akademie – GW & VDK (Prof. P.J.J. Prinsloo**
**Viserektor: Akademie – NW en EW (Prof. F. van Niekerk)**
**Viserektor: Personeel, Studente en Eksterne Skakeling (Prof. M.S. Zibi)**
**Raad (Dr. L. Wessels – Voorsitter)**
**Konvokasie (Mnr. B.R. Howard – President)**
**Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie (Prof. C.F.C. van der Walt)**
**Registrateur: Finansies en Bedryf (Prof. I.J. Rost)**
**Registrateur: Akademiese Ondersteuning en Bestuursinligting (wnd. Dr. M.J. Venter)**
**Dekane Fakulteite (nege – Vaaldriehoekkampus ingesluit)**
**Dekaan: Navorsing (Prof. J.C. Geertsema)**
**Studentedekaan (Prof. H.J. Reyneke)**

*Figuur 3.4: Die PUK-bestuurstruktuur, 2002-2003[16]*

## 3.1.3 'n Nuwe eeu met nuwe bestuursuitdagings, 2001-2003

Na die vermelde Witskrif op Hoër Onderwysinstellings van 1997-1998, het die Ministerie van Onderwys in Februarie 2001 ook 'n Nasionale Plan vir Hoër Onderwys bekendgemaak. Daarin vervat was nuwe bestuursuitdagings vir hoëronderwysinstellings met die doel om hoër onderwys te transformeer en te bestuur[11] as 'n vername sleutel tot die rekonstruksie en opbou van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die fasilitering van toegang tot inligting met die oog op gehalte-opleiding tot voordeel van indiensneming en sosio-ekonomiese ontwikkeling, was 'n vername rede vir die ontwikkeling van die Nasionale Kwalifikasieraamwerkstrukture.[12] Ter bereiking van hierdie belangrike doelwit is samesmeltings en effektief gestruktureerde samewerkingsprogramme tussen hoëronderwysinstellings onder meer beoog.[13] Hierdie model is gebaseer op die suksesse van ander internasionale onderwysinstellings met betrekking tot die lewering van 'n meer effektiewe diens aan gemeenskappe.[14] Binne 'n nuwe rektorsbedeling vanaf 2002 het die PUK die reeds bestaande veranderende prosesse binne die bestuursamestelling en die moontlikheid van nog samewerkingsprogramme – benewens die inkorporering van die Potchefstroomse Onderwyskollege[15] – verder gevoer.



*Die Uitgebreide Bestuurskomitee van die PU vir CHO, 2003: voor v.l.n.r. prof. I.J. Rost, dr. M.J. Venter, prof. P.J.J. Prinsloo, dr. T. Eloff, prof. M.S. Zibi, prof. C.F.C. van der Walt, prof. F. van Niekerk Middel: prof. A.L. Combrink, me. S. Abrahams, prof. I.J. Fick, mnr. F.A. Visser, prof. J.C. Geertsema, mnr. C.R. van der Westhuizen, prof. L.A. van Wyk, me. J.C. Potgieter, proff. H.A. Koeleman, H.J. Reyneke, mnr. F.J. du Preez Agter: proff. A. le R. du Plooy, G.J. de Klerk, A.M.C. Theron, H.J. Steyn, F. Venter, C.J. van der Watt, P.J.J.S. Potgieter, mnr. T.T. Cloete, prof. D.J. van Wyk (Bron: PUK-Argief)*

PUK-RAAD

Raad van die Universiteit van die Noordweste

Vergader gesamentlik oor aanbevelings van onderhandelaars

*Gesamentlike Rade Oorsigkomitee (GRO)*
(Behandel aanbevelings van besture een maal per maand sedert Maart 2003)

*Gesamentlike Operasionele Span (GOS)*
Senior besture wat gereeld vergader en aanbevelings maak vir bespreking deur die GRO

*Gespesialiseerde taakspanne (tydelik)*
o.a. Gesamentlike Senatekomitee; Menslike Hulpbronontwikkeling; Inligting stegnologie; Institusionele kultuur en etos; Taal; Beheer- en bestuurstru ture; Kwaliteit (gee advies aan die GOS oor strategies belangrike sake)

*Figuur 3.5 : Die struktuur van die Onderhandelingspan vir die hantering van die samesmeltingsproses*

Kanselier vir NWU
Visekanselier
(word aangewys deur die NWU-raad – verantwoordelik vir koördinering binne NHOI en oorkoepelend verantwoordelik vir oorhoofse beleid oor finansies, regsake, akademiese programme, standaarde, beleidsrigtings en -stelsel en die NHOI-waardestelsel)
Interimraad
Voorsitter (Robinson Ramaite)
(bestaande uit agt lede – vier van die PUK en vier van Mafikeng)
Komitees van die Raad:
Raad van Trustees
NWU-Institusionele Studenteraad en -Forums
Kampusbestuurskomitee
(Ondergenoemde groepe is verantwoordelik vir finansiële en akademiese administrasie, die toepassing vanakademiese standaarde, bemarking en fondswerwing)

| | | |
|---|---|---|
| Kampusrektor | Kampusrektor | Kampusrektor |
| Viserektor: Akademie | Viserektor: Akademie | Dekaan |
| PUK-kampus | Mafikengkampus | Vaaldriehoekkampus |

- Een stel standaarde & beleidsrigtings
- Een stelsel
- Een stel konstitusioneel gegronde waardes
- Mettertyd 'n eie korporatiewe handelsmerk as identiteit ontwikkel
- Mettertyd 'n eie taalplan ontwikkel gegrond op ministeriële beleid

| | | |
|---|---|---|
| Kampusregistrateur | Kampusregistrateur | Kampusregistrateur |
| Aantal direkteure | Aantal direkteure | Aantal direkteure |
| PUK-kampus | Mafikengkampus | Vaaldriehoekkampus |

*Figuur 3.6: Die voorgestelde bestuurstruktuur vir die NWU vanaf 2004*

# PRIVATE WET

TOT ERKENNING VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE VIR CHRISTELIK HOËR ONDERWYS, POTCHEFSTROOM, IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL, AS 'N UNIVERSITEIT MET REGSPERSOONLIKHEID, TOT REËLING VAN DIE SAMESTELLING, REGTE, BEVOEGDHEDE, VOORREGTE EN VERPLIGTINGS VAN DAARDIE UNIVERSITEIT EN TOT WYSIGING IN SEKERE OPSIGTE VAN SEKERE WETTE BETREFFENDE UNIVERSITEITS- EN HOËR ONDERWYS.

*(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)*
*(Goedgekeur op 1 Mei 1950.)*

---

anhef. NADEMAAL daar op Potchefstroom in die Provinsie Transvaal 'n instelling vir hoër onderwys is wat van die jaar 1869 tot einde Maart 1919 bestaan het as letterkundige en wetenskaplike afdeling van die inrigting bekend as „De Theologische School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika", gestig en in stand gehou deur die kuratore van die genoemde kerk, en op die eerste April 1919 onder die naam „Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs" 'n afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n eie raad, gesubsidieer deur die voornoemde kuratore en deur die Regering:

EN NADEMAAL die Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet, No. 25 van 1921, genoemde instelling onder die naam „Het Potchefstroom Universiteitskollege" ingelyf het en dit verhef het tot 'n kollege bevoeg om as samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geproklameer te word:

EN NADEMAAL genoemde instelling by Proklamasie No. 102 van 1921, uitgevaardig in die *Staatskoerant* van die vyftiende Julie 1921, toegevoeg is aan die Tweede Bylae van die „Universiteit van Zuid-Afrika Wet 1916" en tot 'n samestellende Kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geproklameer is:

EN NADEMAAL genoemde instelling deur die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys (Private) Wet No. 5 van 1933, sy huidige naam van „Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys" verkry het:

EN NADEMAAL genoemde instelling sedert sy stigting 'n christelike karakter gedra het en nog dra en in groot mate gesteun is en nog gesteun word uit fondse bygedra met die doel en die vertroue dat dit sodanige christelike karakter sou behou, en dit derhalwe wenslik is om die behoud van sodanige christelike karakter te verseker:

En NADEMAAL genoemde Universiteitskollege kragtens artikel drie van Wet No. 12 van 1916 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geword het en aan hom onder andere die bevoegdheid verleen is om wetgewing tot erkenning as 'n Universiteit met regspersoonlikheid te laat indien:

EN NADEMAAL genoemde Universiteitskollege ten aansien van sy studentetal, die omvang van sy werk, die bevoegdheid van sy personeel, sy geldbronne, die grootte van die gemeenskap wat hy dien, sowel as in ander opsigte, 'n standaard bereik het wat sy erkenning as 'n Universiteit met regspersoonlikheid regverdig, en dit raadsaam is om te bepaal dat genoemde Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys heringestel moet word en as 'n universiteit met regspersoonlikheid erken moet word onder die naam die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (hierna die Universiteit genoem) met sy setel in Potchefstroom, in die Provinsie

***Die PU vir CHO Private Wet van 1950 (voorblad)** (Bron: PUK-Argief)*

- **Die topbestuur van die NWU**

Die Universiteit het een kanselier (dr. Popo Molefe) en een raad met as die voorsitter mnr. Litha Nyhonyha.

Die University word as 'n geheel bestuur deur dr. Theuns Eloff, die visekanselier. Hy word bygestaan deur die vise-prinsipaal, (dr. Ngoato Takalo), 'n Institusionele Direkteur Finansies (prof. Johan Rost), 'n Institusionele Registrateur (prof. Chris van der Walt), 'n Institusionele Direkteur vir Mensehulpbronne, Studente, Navorsingsondersteuning en Innovasie (prof. Frikkie van Niekerk) en Institusionele Bestuurder vir Korporatiewe Kommunikasie (me. Shamiela Letsoalo). Die res van die bestuurspan bestaan uit die drie kampusrektore, (prof. Annette Combrink op die Potchefstroomkampus, dr. Dan Kgwadi op die Mafikeng-Kampus en prof. Piet Prinsloo op die Vaaldriehoekkampus).

Al hierdie funksionarisse rapporteer direk aan die visekanselier, en die werknemers op die kampusse rapporteer aan die kampusrektore, wat die kampusse as besigheideenhede bestuur met die hulp en ondersteuning van die institusionele bestuurshoofde.

- **'n Onderhandelingstruktuur vir die vorming van die Noordwes-Universiteit (NWU)**

Onderhandelingsforums is gedurende 2002 en 2003 geskep as deel van die proses om een Nuwe Hoër Onderwysinstelling (NHOI) tot stand te laat kom. Ruimte is binne hierdie eenheid gelaat vir sommige van die diversiteite wat elke kampus uniek maak, maar daar is deels gehou by die Britse stelsel en wyse waarop die voor-gestelde permanente Universiteitsraad saamgestel sou word. 'n Lewensvatbaarheidstudie is ook onderneem met behulp van die Rade en Komitees wat hiernaas genoem word (kyk Figuur 3.5 op vorige bladsy) om die aanpassingsvermoë van albei universiteite by mekaar te bepaal en met bestuurstransformerende voorstelle vorendag te kom.

### 3.1.4 Die NWU, 2004 – 'n nuwe bedeling vir die PU vir CHO

Die Noordwes-Universiteit, volgens die bestuurstruktuur soos in Figuur 3.6 uiteengesit, is vanaf Januarie 2004 in die vooruitsig gestel.[19] As een multikampus-instelling is beoog dat hierdie universiteit sal bestaan uit een raad, een senaat en vier kampusse: Potchefstroom, Mafikeng, Vaaldriehoek en Mankwe. Dit is bepaal dat die hoofkantoor in Potchefstroom gesetel sal wees, elke kampus 'n rektor as kampushoof sal hê en dat in strategiese programme voorsiening gemaak sal word vir nie-Afrikaanse sprekers. Met die Noordwes-Universiteitsmissie (wat teen Julie 2004 nog nie gefinaliseer is nie) is beoog om waardegedrewe te wees en in die grondwetlike waarderaamwerk vir studente en dosente ruimte te laat vir die uitlewing van 'n Christelike perspektief op die wetenskap. Die voorgestelde navolg van 'n gedesentraliseerde bestuurstelsel kan daartoe bydra dat beleide, prosedures en stelsels op hoofkantoorvlak bepaal moet word. Vir die implementering hiervan, sowel as vir verskeie ander sake, soos byvoorbeeld studentewerwing, is ruimte gelaat vir verskeidenheid op die verskillende kampusse. Oor die akademiese strukture[20] was daar teen die publikasiedatum van hierdie boek nog nie voldoende sekerheid nie.

## 3.2 Ampsverpligtinge binne die vernaamste bestuursposisies sedert 1951

Die Private Wet van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, nr. 19 van 1950 is op 25 April 1950 goedgekeur. Op grond van hierdie wet is die Universiteit as regspersoonlikheid erken. Verdere bevoegdhede is tegelegenertyd verleen, onder meer met betrekking tot die wyse waarop die Bestuur saamgestel en die Universiteit bestuur moes word – vanaf die hoogste amp (kanselier) tot by die samestelling van fakulteite en die lede daarvan.[21] Van 2002 tot 2004 is oor 'n nuwe bestuursproses onderhandel met die oog daarop om 'n samesmelting tussen die PUK en die Universiteit van die Noordweste moontlik te maak soos wat nuwe regeringswetgewing vereis het. Figuur 3.7 stel hierdie struktuur soos dit vanaf 2004 toegepas sou kon word, visueel voor.

### 3.2.1 Kanselier, rektor (visekanselier) en viserektore

Tot 1951 nog was die kanseliersverpligtinge van die PUK deur die kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika behartig. Sedert die onafhanklikheidswording in Maart 1951 was die kanselierstermyn vir 'n periode van tien jaar bepaal. Teen 2000 het nuwe wetgewing hierdie ampsbekleër se termyn tot vyf jaar beperk.[22] Die vernaamste verpligting van die kanselier sedert die selfstandigwording van die PUK was om as seremoniële hoof alle grade toe te ken.[23]

### 3.2.2 Rektore (visekanseliers) en viserektore

Soos in die geval van die kanselier is die termyn van die rektor aanvanklik vir tien jaar bepaal. Teen die sewentigerjare kon 'n rektor net vir 'n termyn van drie jaar verkies word.[24] In 1998 is bepaal dat die ampstermyn van die rektor deur die Universiteitsraad, na oorlegpleging met die ampsbekleër, bepaal en kontraktueel vasgelê sou word.[25] In die geval van prof. Reinecke was

| | | |
|---|---|---|
| Prof. J.D. du Toit (Totius) | : | 17 Mrt. 1951-1 Jul. 1953 |
| Prof. J.C. van Rooy | : | 1 Des. 1953-29 Aug. 1954 |
| Dr. F.J. du Toit | : | 1954-1961 |
| Dr. J. de Klerk | : | 1961-1979 |
| Dr. P.W. Vorster | : | 1980-1981 |
| Prof. H.J.J. Bingle | : | 1981-1991 |
| Mnr. F.W. de Klerk | : | 1992-1998 |
| Dr. D.C. Cronje | : | 1998-2003 |

*PU vir CHO-kanseliers: 1951-2003*

die termyn van 10 jaar op 'n uitsonderlike wyse verleng met 'n verdere 3 jaar – na oorlegpleging tussen die Universi-teitsraad, die jong Institutsionele Forum (IF) en die ampsbekleër. Die vernaamste rol van die rektor was om op te tree as kanselier in die afwesigheid van die kanselier. Ook moes hy as hoof- uitvoerende en -rekenskappligtige beampte van die Universiteit optree.[26]

| | | |
|---|---|---|
| Prof. J.C. van Rooy | : | 1951-1953 |
| Prof. J. Chr. Coetzee | : | 1954-1963 |
| Prof. H.J.J. Bingle | : | 1964-1977 |
| Prof. T. van der Walt | : | 1978-1988 |
| Prof. C.J. Reinecke | : | 1989-2001 |
| Dr. T. Eloff | : | 2002- 2003 |

*Rektore en (visekanseliers): 1951-2003*

Dit was gedurende die rektorstermyn van prof. Van der Walt dat die Komitee insake 'n Ondersoek na die PUK-Topstruktuur onder andere aanbeveel het dat 'n viserektor benoem moes word om onder meer in die afwesigheid van die rektor waar te neem.[27] Vroeg in die tagtigerjare is die een viserektorspos omskep in twee ampte – Viserektor: Finansies en Bedryf (later genoem Finansies en Beplanning en toe net Finansies) en Viserektor: Akademie en Studente. Daarop het in 1995 gevolg die aanstelling van 'n derde viserektor, die Viserektor: Navorsingsontwikkeling, om ondersteunend te wees in die groter wordende kompleksiteite binne die navorsingsprosesse van die Universiteit:

**Prof. J.S. du Plessis, 1978-1984**

**Viserektor: Akademie & Studente**
**Prof. C.J. Reinecke, 1986-1989**
**Prof. A.J. Viljoen, 1989-2001 (posbenaming Akademie en Studente in 1989, en slegs Viserektor vanaf 1990)**

**Viserektor: Finansies**
**Prof. N.J. Swart, 1979-1989**

**Viserektor: Ontwikkeling**
**Prof. S.F. Coetzee, 1994-1996**

**Viserektor: Personeel, Studente en Eksterne Skakeling**
**Prof. M.S. Zibi, 2002-2004 (was vanaf 1997 tot Maart 2002 Viserektor: Ontwikkeling)**

**Viserektor: Tegnologie**
**Prof. F. van Niekerk, 2001**

**Viserektor: Akademie (ook aangestel as adjunkhoofde op 'n rotasiesbasis)**
**Prof. W.E. Scott, 1997-Feb. 2002**
**Prof. P.J.J. Prinsloo, 2002-2005 (verantwoordelik vir die Fakulteite Lettere & Wysbegeerte, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Regte en die Vaaldriehoekkampus)**
**Prof. F. van Niekerk, 2002-2004 (verantwoordelik vir die Fakulteite Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Gesondheidswetenskappe en die implementering van deskundigheid en kommersialisering)**

***Viserektore*, *1979-2004*** (kyk Hoofstuk 10 vir die Vaaldriehoekkampus-viserektore)



*Viserektore van die PU vir CHO, 1951-2004 J.S. du Plessis, N.J. Swart, F. van Niekerk, A.J. Viljoen, W.E. Scott, M. Zibi, P.J.J. Prinsloo (Bron: PUK-Argief)*

Met dr. Theuns Eloff se rektorsbenoeming in 2002 is die verpligtinge van die viserektoraat verder verfyn. 'n Adjunkhoof is naamlik benoem en viserektore moes jaarliks en op 'n rotasiebasis onderneem om in hierdie hoedanigheid namens die rektor in sy afwesigheid op te tree (kyk bostaande organigram).[28] Soos reeds deur die Universiteitsraad in 2000 besluit is, is die pos van Viserektor: Tegnologie vanaf 2002 ingestel as plaasvervangend vir een van die toe bestaande viserektors-poste waarvan Ontwikkeling weggeval het.[29] As nuut benoemde Viserektor: Personeel, Studente en Eksterne Skakeling was prof. Zibi verantwoordelik vir onder meer Personeeldienste, Studentedienste, Bemarking en Kommunikasie en die Internasionale Kantoor.[30]

## 3.2.3 Raad, Senaat en Konvokasie

Bo en behalwe die Raad en die Senaat se werksaamhede was daar voor 1951 ook vaste komitees wat onder elk van bogenoemde bestuursliggame geressorteer het.[31] Daarmee is die behoeftes van albei bestuursliggame van die PUK in dié gegewe tyd uitgewys – kyk voorstelling in Figuur 3.8 [32]

Waar die Raad vyf maal per jaar vergader het, het die Senaat aanvanklik minstens een maal per maand vergader. Mettertyd is byeenkomste afgeskaal tot vier per jaar. Sowel die Raad as die Senaat het elk oor 'n eie reglement beskik, terwyl fakulteite volgens 'n gemeenskaplike reglement bestuur is.

- **Raad**

| | | |
|---|---|---|
| **Ds. H.J.R. du Plessis** | **:** | **1942-1958** |
| **Ds. D.N. Kotzé** | **:** | **1958-1966** |
| **Dr. A.A. Venter** | **:** | **1966-1984** |
| **Dr. C.J. Malan** | **:** | **1984-1996** |
| **Dr. E.L. Grové** | **:** | **1996-2000** |
| **Mnr. W. van Wyk** | **:** | **2000-2002** |
| **Dr. L. Wessels** | **:** | **2002-2003** |
| **Mnr. L. Nyhonyha** | **:** | **2003-2004** |

*Voorsitters van die Raad tot 2004*

Die voorsitter van die Raad is altyd uit die 15 raadslede verkies. Hierdie 15 raadslede is saamgestel uit vier persone, benoem deur die staatspresident, twee benoem deur die Trustees van die Gereformeerde Kerk, drie persone benoem deur die gevolmagtigdes van die oorspronklike oprigters, drie deur die donateurs en die Konvokasie, en twee deur die Senaat van die PUK. Die rektor was ampshalwe lid van die Raad.[33] Gedurende die Coetzee-termyn is drie verdere komitees as vaste komitees van die Raad gevestig, benewens die reeds bestaande Dagbestuur en die Komitee vir Finansies en Eiendomme. Hierdie komitees was die Eregradekomitee, die Komitee vir Inwendige Beheer en die Komitee vir Beleid en Ontwikkeling.[34] Hierdie vyf vaste komitees

van die Raad het so bly voortbestaan.[35] Op sy beurt was die Komitee vir Beleid en Ontwikkeling vir minstens drie dekades verantwoordelik vir besluitneming in prominente personeel-, koshuis- en akademiese aangeleenthede.[36] Die vyf gemelde vaste komitees van die Raad het tot en met prof. Bingle se uittrede in 1977 as sodanig gefunksioneer. Komitees is elke tweede jaar opnuut saamgestel en gekonstitueer.[37] 'n Insiggewende aspek aangaande die benoeming van die voorsitters van die Raad was dat almal tot 1996 (kyk naamlys) predikante was uit die geledere van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Die benoeming van dr. A.L. Grové as voorsitter en lid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was 'n historiese mylpaal binne die bestuurstelsel van die PUK-raad.[38] Gedurende prof. Tjaart van der Walt se rektorstermyn is die Topbestuur,[39] oftewel die latere Bestuurskomitee (BK), gevestig. Die BK het uitsluitlik in 'n adviserende hoedanigheid gefunksioneer. Die rektor, twee viserektore sowel as die registrateur, was bekend as die Topbestuur.[40] Daarbenewens is die Komitee vir Inwendige Beheer verander na die Komitee vir Administratiewe Beheer (kyk Fig. 3.9 op volgende bladsy)

| | |
|---|---|
| **RAAD** | **SENAAT** |
| Ds. H.J.R. du Plessis (1ste Voorsitter) | Rektor, prof. J.C. van Rooy (1ste Voorsitter) |
| (15 persone benoem) | (40 persone benoem) |
| Sewe benoem deur regering en oorspronklike oprigters en vyf deur Trustees van Geref. Kerk, donateurs en oudstudente. Rektor ook lid van Raad en twee senaatsverteenwoordigers | **Vaste komitees van die Senaat (16)** |
| | Verlofkomitee |
| | Liggaamlike Opvoedingkomitee |
| | Huishoudkundekursusbeheerkomitee |
| **Vaste komitees van die Raad (twee)** | Roosterkomitee |
| Finansies en Eiendomme (vier lede) | Publikasiefondskomitee |
| Inwendige Beheer (vier lede) | Kunssakekomitee |
| | Beursekomitee |
| | Uitbreidingsfondskomitee |
| | Losieshuisekomitee |
| | Lesingskomitee |
| | Biblioteekkomitee |
| | Navorsingskomitee |
| | Musiekkonservatoriumkomitee |
| | Terreine en Gebouekomitee |
| | Museumkomitee |
| | Senaatsbestuurkomitee |

*Figuur 3.8: Die Raad en Senaat, 1951*

Soos wat die korporatiewe beeld van die PU vir CHO na die Wet op Hoër Onderwys van 1997 aan verdere verfyning onderwerp is, het die funksies van die Universiteitsraad ook verder verfyn. Teen 2001 het die bestuurstruktuur van die Universiteitsraad ingevolge hierdie Wet en die Statuut van die Universiteit volgens Figuur. 3.9 soos volg gelyk:[41] Benewens die korporatiewe gesag wat uit bogenoemde bestuurstruktuur na vore kom, is dit ook van belang om te noem dat dit aan die Universiteitsraad opgedra is om doeltreffende bestuursbeginsels toe te pas. Die aantal komitees, soos reeds aangetoon is, was toe vyf en aansienlik meer as in die verlede. Dit het ten doel gehad om die effektiwiteit van die Raad te verhoog met meer rolspelers (31 bykomend, benewens die 15 raadslede). So byvoorbeeld het die finansies en ouditering in hoogs gesofistikeerde take ontwikkel wat met groot oordeel hanteer moes word. Op sy beurt het die Komitee vir Beleidsbeheer verantwoordelikheid aanvaar vir hoofsaaklik die handhawing van die Christelike beginsels en grondslag van die Universiteit, "die roeping na binne en na buite" en die evaluering van die statute en beleid van die Universiteit vir advies aan die Universiteitsraad. Aan die Komitee vir Administratiewe Beheer is die taak opgedra om alle personeel- en studente-aangeleenthede van die Universiteit te hanteer vir advies aan die Raad. In hierdie stadium was dit ook die funksie van die Komitee vir Administratiewe Beheer om die jaarlikse verslag van die Komitee vir Indiensnemingsgelykheid te evalueer.[42] Verder was die Vergoedingskomitee verantwoordelik vir die vasstelling van die vergoeding vir senior funksionarisse.[43]

Vir indiensnemingsgelykheid is 'n taakspan in 1999 saamgestel. Die wyse waarop 'n menseregtekultuurkomitee moes funksioneer en verslag doen, is terselfdertyd bepaal.[44] Dit was 'n fase van interinstitusionele

**Universiteitsraad**
(vergader vier maal per jaar)

(Is die hoogste gesagsliggaam van die Universiteit wat verantwoordelik is vir
die bestuur van die Inrigting)

**Finansiële Komitee: Beheer (tien persone)**
Akademici en nie-akademici
Persone en studente

**Komitee vir Beleidsbeheer (agt persone)**
Ses raadslede, registrateur en rektor
**Komitee vir Administratiewe Beheer**
(Sewe persone)
Vier raadslede, registrateur, rektor en viserektor
**Vergoedingskomitee (drie persone)**

**Ouditkomitee van die Raad (drie persone)**
Interne en eksterne ouditeure
Belanghebbendes van Bestuurskomitee

Direkteur ITB

*Figuur 3.9: Die bestuurstruktuur teen die einde van die rektorskap van prof. C.J. Reinecke*

samewerking en regstellende praktyke wat hanteer is binne Transformasiewerkgroepe (12 taakgroepe) volgens die Institusionele plan van 2002 (Kyk Fig. 3.10).[45] 'n Aangepaste bestuurstruktuur vir die rektorskap van Theuns Eloff het gevolg toe die Uitgebreide Bestuurskomitee (UBK) vanaf 28 Januarie 2002 gekonstitueer is. Bo en behalwe die verpligtinge van die Bestuurskomitee soos reeds vroeër vermeld is, was die vernaamste taak van die UBK om die rektor met advies te bedien aangaande sake wat oor die kerntake van die Universiteit gehandel het.[46] Die UBK het alle dekane, hoofdirekteure en direkteure (ook van die Vaaldriehoekkampus) as verteenwoordigers ingesluit.



*Voorsitters van die Raad, 1951-2004: H.J.R. du Plessis, D.N. Kotzé, A.A. Venter, C.J. Malan, E.L. Grové, W. van Wyk, L. Wessels, L. Nyhonyha (Bron: PUK-Argief)*

**Universiteitsraad**
**Bestuurskomitee**
**Rektor**
**Transformasiekomitee (15 lede)**
**(Akademie – (4); Studente – (4); Werknemergroepe – (3); Bestuur – (1); Alumni – (1); Plaaslike gemeenskap – (2)**

| | | |
|---|---|---|
| **Geakkrediteerde belangegroepe (Bestuur)** | **Geakkrediteerde belangegroepe (Toeganklikheid)** | **Geakkrediteerde belangegroepe (Relevansie)** |

| | |
|---|---|
| **Taakgroep 1: Strategiese Plan** | **Taakgroep 7: Finansiële Beleid en -Bestuur** |
| **Taakgroep 2: Prioriteit in die Akademie** | **Taakgroep 8: PUK 2000** |
| **Taakgroep 3: Telematiese Leersisteem** | **Taakgroep 9: Christelike grondslag/karakter** |
| **Taakgroep 4: Vaaldriehoekkampus** | **Taakgroep 10: Kommunikasie en Bemarking** |
| **Taakgroep 5: Ontwikkeling en voortgesette onderrig** | **Taakgroep 11: Organisasiestruktuur** |
| **Taakgroep 6: Regsposisie van die PU vir CHO** | **Taakgroep 12: Beleidsdokumente** |


*Figuur 3.10: Transformasiewerkgroepe vir 'n nuwe bestuursbedeling*

## • Senaat

Vanaf 1954 is die vaste senaatskomitees[47] vervang deur Advieskomitees aan die rektor.[48] Met die uittrede van prof. Coetzee was net drie komitees prominent, naamlik die Uitvoerende Komitee (nege lede); die Komitee vir Rooster (vier lede) en die Komitee vir Interfakultêre Lesings (vyf lede).[49] In baie opsigte was hierdie afskaling deels die begin van 'n meer geslote, outokratiese bestuurstelsel. Slegs die naam van die UK as 'n vaste komitee van die Senaat het teen 2003 nog in die jaarboeke verskyn.[50]

## • Konvokasie

Die Konvokasie, soos na selfstandigwording, was 'n samestellende onderdeel van die Universiteit met 'n tweeledige funksie, naamlik om saam met donateurs drie lede van die Raad te kies en om gedagtes en sienswyses van



*Konvokasievoorsitters, 1951-2004: L.J. du Plessis, S.C.W. Duvenage, H.C. van Rooy, H.G. Schulze, N.J. Swart, D.J. van Rooy, P.H. Stoker, B.R. Howard (Bron: PUK-Argief)*

die Konvokasie aangaande enige bepaalde saak wat die Universiteit raak, aan die Raad voor te lê.[51] Dit was die taak van die registrateur om die lys van konvokasielede op te stel en by te hou. Die rektor, viserektore, professore, lektore, bibliotekaris, sowel as graduandi of oudstudente is as lede van die Konvokasie erken.[52] Lede van die Konvokasie vergader gewoonlik drie maal per jaar en bespreek soms ook sake aangaande die Universiteit.[53]

### 3.2.4 Registrateurs[54]

Vir etlike jare sedert selfstandigwording is die PUK deur net een registrateur bedien. 'n Kompleks wordende werksomgewing gedurende die rektorskap van prof. Bingle het teen 1968 die benoeming van nog 'n registrateur vereis. Daarna is die akademiese administrasie in sy geheel van die finansiële administrasie geskei en 'n registrateur is vir elkeen van dié afdelings benoem om meer effektief op bepaalde administratiewe kundigheid te konsentreer.[55]

### 3.2.5 Dekane en direkteure

Benewens die kern-ampsverpligtinge binne die oorhoofse bestuurstruktuur van die Universiteit is die bestuur verder afgewentel na die dekane as uitvoerende hoofde van die vyf fakulteite – en vanaf 10 September 1947 ses – met Fakulteit Sosiale Wetenskappe as die jongste toevoeging kort voor selfstandigwording. Voorts is adjunkdekane ook in die Van der Walt-termyn benoem om die verantwoordelikheidslas van die dekaan te verlig en waarskynlik 'n afwenteling van mag meer sigbaar te maak. Die benoeming van die Studentedekaan en die instel van die Studenteburo het ook in die Van der Walt-termyn gevolg. 'n Verdere dekaanspos (dié keer vir Navorsing) is gedurende die rektorskap van prof. C.J. Reinecke ingestel met prof. J.C. Geertsema as die eerste persoon om hierdie pos te beklee.[56]

Die ampsbenaming "direkteur" is, benewens die gebruik daarvan in veral die strukture van ondersteuningsdienste, institute en buro's, eers werklik gedurende die negentigerjare algemeen ingestel met die oog daarop om effektiewer beheer oor die bestuur en administrasie van akademiese en ondersteuningsafdelings te verkry. Sowat 82 akademiese departemente aan die PU vir CHO en die Vaaldriehoekkampus is gedurende die laaste gedeelte van die negentigerjare geherstruktureer tot 34 skole.[57] Hierdie skole was steeds binne bepaalde fakulteite gegroepeer – elke skool met 'n direkteur wat lid van die Senaat was, sowel as vier verkose persone per fakulteit wat ook lede van die Senaat was.[58]

## 3.3 Bestuursbenaderings van rektore binne tydsgegewe eise

In die bestek van die periode van selfstandigwording op 17 Maart 1951[59] tot Desember 2003 het die PU vir CHO ses rektore opgelewer. Dit beteken dat elkeen van hulle hierdie posisie vir gemiddeld agt tot nege jaar beklee het. Die sesde rektor (prof. Postma uitgesluit) van die Potchefstroomse Universiteit is maar eers in Februarie



*Die Rektore, 1951-2003: Proff. J.C. van Rooy, J. Chris Coetzee, H.J.J. Bingle, T. van der Walt, C.J. Reinecke, Dr. T. Eloff (Bron: PUK-Argief)*

2002 formeel ingehuldig. Daarby is die eerste Kampusrektor binne die groter Noordwes-Universiteit vanaf Januarie 2004 eers in September dié jaar benoem. Prof. Annette L. Combrink was die eerste benoeming in hierdie nuwe amp. Daarmee het sy ook die eerste vrou en die eerste persoon uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geword om hierdie posisie te beklee.


Wat opvallend is van die kundigheid van elke rektor tot 2003, is dat elkeen byna onopsigtelik – of dalk heel bewustelik – presies in 'n bepaalde tydperk ingepas het: van die eerste opvoedkundiges (die bouers) tot 'n teoloog (in 'n onstuimige periode op nasionale vlak). Hierdie teoloog is opgevolg deur 'n natuurwetenskaplike gedurende 'n era van tegnologiese uitdagings (rekenaaropgraderings, langafstands- en telematiese behoeftes) sowel as 'n behoefte aan spesialiteitsgerigtheid en nis-areas in 'n nuwe streeksgerigte onderwysbedeling.

Sodanige bedeling sou ook in die toekoms andersoortige eise stel. Hiervoor het die keuse van die sesde rektor geval op 'n bestuurder van belange op 'n bedryfsgrondslag. Reeds op Donderdag 21 Junie 2001 is die nuwe Rektor, dr. Theuns Eloff, getipeer as 'n "verkennende gees";[60] iemand om die PU vir CHO vanaf 2002 in die proses van onderwysvernuwing en -dinamika op tersiêre vlak verder te voer. Tersiêre onderwys – vyftig jaar tevore – het 'n andersoortige verkennende bestuursingesteldheid en -dinamika vereis. In die volgende afdelings val die kollig meer bepaald op die rol van die ses rektore in die proses van die PU vir CHO-ontwikkeling en die wyse waarop hulle, bestuursmatig beskou, sedert 1951 die status en rol van die PUK probeer uitbou het.

### 3.3.1 Selfstandigwording – vrywillig of verplig?

Die selfstandigwording van die PUK – soos in die tradisie van wêreldbekende universiteite soos Bologna en Salerno – was klaarblyklik nie 'n aangeleentheid waaraan die eertydse P.U.K. vir K.H.O. 'n onmiddellike behoefte gehad het vóór en kort ná die oorlogsjare van 1939-1945 nie. Alhoewel die moontlikheid van selfstandigwording van tyd tot tyd tot gedokumenteerde gesprekke gelei het,[61] was die Raad van die Kollege en die Senaat vir eers tevrede om by die oorhoofse leiding van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) te berus.

Dit was die Brookes-kommissie onder leiding van dr. Edgar Brookes wat in 1947-1948, op versoek van die regering,




*Die PUK-kampus teen die sestigerjare (Bron: PUK-Argief)*

die status van UNISA en sy samestellende kolleges (die PUK daarby ingesluit) moes ondersoek.[62] Al die ander kolleges het uiteindelik selfstandigwording verkies, aangesien die meeste in ander provinsies gesetel was. Die Kommissie was ook van oordeel dat die PUK selfstandig sou kon funksioneer. In die Brookes-kommissieverslag byvoorbeeld is 'n paar vermeldenswaardige indrukke oor die PUK genoem, onder meer dat hierdie Kollege "oor alles beskik waaruit 'n goeie deeglik bestuurde en nuttige universiteit kan voortkom". Melding kan ook gemaak word van die persentasie studente wat besig was met nagraadse werk in verhouding tot die grootte van die Kollege: 24% van die totale getal ingeskrewe studente. So ook dat die PUK nie 'n finansiële reus was nie, maar besonder baie fondse van 'n groter aantal kleiner skenkers as enige ander universiteit in die land ingesamel het. 'n Aanbeveling vir die verlening van universiteitstatus aan die PU vir CHO is gedurende 1947-1948 deur die Kommissie gemaak.[63] Noodwendig is hiermee 'n groter verpligting op die PUK geplaas om die moontlikhede en vereistes wat selfstandigheid mag meebring, te ondersoek. Die Rektor, prof. Ferdinand Postma, se bydrae hiertoe word allerweë as van onskatbare waarde beskou. Hy is op die vooraand van selfstandigwording in 1951 oorlede.[64] Tussen 14 en 17 Maart 1951 is die selfstandigwording van die PUK met opreg kinderlike geloof en dankbaarheid, binne 'n oorwegend Afrikaner-nasionalistiese ingesteldheid,[65] jubelend en feestelik gevier. In die jare wat sou volg, is voortdurend deur die leiers van die Universiteit na die Universiteit verwys as 'n universiteit met karakter – 'n karakter-universiteit en die enigste met 'n "van" – "die CHO".[66] Na selfstandigwording het die Universiteit 'n nuwe begin gemaak op 60 morg (51,3 ha) grond. Op daardie stadium het die Universiteit bestaan uit byna negehonderd studente, 28 professore, 18 senior lektore en 26 lektore/lektrises.[67]





***Die PUK-kampus teen die sewentigerjare (Bron: PUK-Argief)***



***Waarskynlik die eerste personeelkorps na selfstandigwording (Bron: Me. M. Coetzee)***

Sonder die fisiese, geestelike en finansiële ondersteuning van letterlik duisende besorgde bestuurslui, persone, instansies, families, lojale personeel en oudstudente sou die PU vir CHO nie ontwikkel het tot die formaat soos dit teen die einde van 2003 daar uitgesien het nie. Om te beweer dat die meeste ondersteuners na selfstandigwording bereid was om die spreekwoordelike tweede myl saam te stap, is nie bedoel om nostalgies te wees of te klink nie, maar om inderdaad bloot 'n realiteit te probeer weergee.[68] Die tydperk na selfstandigwording was ongetwyfeld 'n era waarin daar gehunker is na ontbrekende kennis en die intellektuele opheffing van veral die blanke Afrikaanssprekende. Vir etlike jare was die fokus aanvanklik ook op hierdie omstandighede gerig. Die sterk nasionaliteitsgevoel wat gekweek moes word – veral deur 'n studie van "die vaderlandse geskiedenis"[69] – word in bronne vermeld. PUK-personeel het tot in die eerste twee dekades na onafhanklikheidswording nog vir die "liefde van die saak", maandeliks uit hul salarisse tot die boufonds van die PUK bygedra. Hierdie boufonds was reeds in 1945 die grootste enkele bron van inkomste wat deur die PUK geïn is om daarmee veral die oprigting van geboue te finansier. Selfs buitepersone/-instansies sowel as die Alabama-Boereorkes het ook jaarliks 'n bydrae gemaak.[70] 'n Nuwe rektor moes die eerste tree na selfstandigheid gee binne 'n nuwe era in opleiding op tersiêre vlak – in die oggendskemer van 'n nuwe, meer georganiseerde, wetgewend-gerigte onderwysbedeling in Suid-Afrika.[71]

### *Kanselier J.D. du Toit – alias Totius*



Jacob (Japie) Daniël du Toit is op 21 Februarie 1877 gebore. Hy was die tweede seun van ds. Stephanus Jacobus du Toit (Superintendent van Onderwys van Transvaal en leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging).[338] In 1896 skryf Japie in by die Teologiese Skool te Burgersdorp. Kennisse onthou hom as 'n bleek en tengerige student wat aanvanklik vir Ingenieurswese by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf het en toe anders besluit het. In 1899 lê hy die Kandidaatseksamen in Teologie af. Gedurende die periode van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) tree hy op as veldprediker onder die Boeremagte te Magersfontein. 'n Waardevolle dagboek van sy herinneringe gedurende hierdie periode is in die Potchefstroomse Museum te sien. In 1903 promoveer Japie du Toit aan die Vrije Universiteit Amsterdam met 'n proefskrif oor "Het Methodisme".

Feitlik onmiddellik hierna begin sy beroepslewe as predikant met sy bevestiging in die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom. In 1911 aanvaar hy 'n deeltydse professoraatspos aan die Teologiese Skool. Hy was ook professor aan die latere Potchefstroomse Universiteitskollege. Hy was tot 1949 aan albei inrigtings verbonde en is aan albei inrigtings vereer met 'n ereprofessoraat. Met die selfstandigwor-ding van die PUK in 1951 volg ook sy kanseliersbenoeming van die selfstandige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die latere Rektor, prof. J. Chr. Coetzee, het hom bestempel as die moeder van die PU vir CHO omdat hy gedurende die eerste dekades van die Kristelike Kollege se ontwikkeling altyd die hart en die gewete van dié inrigting was: "op alle kritieke momente was hy soos die doodveragtende moeder aan die spits van die verdedigers van ons inrigting ...".[339]

Gedurende Totius se leeftyd was hy bekend as digter en aktiewe volks- en geestelike vader vir veral die blanke Afrikaner. Dit kon ook nie anders nie. Sy vader was 'n bekende Calvinistiese kampvegter en gedurende J.apie du Toit se jongmenslewe was hy blootgestel aan emosionele aspekte van Afrikaner-wees, soos byvoorbeeld die oorlog tussen Boer en Brit, die Eerste Taalbeweging en die stigting van die Afrikanerbond. Sedert sy dood in 1953 is al baie oor hom geskryf. 'n Monument ter nagedagtenis aan die talentvolle Japie du Toit, as die digter Totius bekend, is in 1977 in Potchefstroom naby Wasgoedspruit opgerig.[340] Hy sal veral onthou word as die eerste Psalmberymer in Afrikaans – 'n beryming wat in 1936 in gebruik geneem is. Die produk wat hy geskep het, is tot 2001 nog, op die vooraand van 'n nuwe fase in die gebruik van Psalmomdigtings, deur die drie Afrikaanse susterskerke gebruik. Voorts was hy ook een van die eindvertalers van die Bybel in Afrikaans wat in 1933 die lig gesien het.[341] By sowel Burgersdorp as die PUK was hy bekend as pionier-stryder vir Christelike onderwys. Die verskuiwing van die Teologiese Skool in Burgersdorp na Potchefstroom in 1905 was ook 'n ideaal wat hy bevorder het. Du Toit het gedurende sy leeftyd sewe doktorsgrade aan universiteite, binne- en buitelands, ontvang.[342] In 1977 is sy 100ste geboortedag, lank na sy afsterwe op 1 Julie 1953, landswyd gevier. 'n Totiusfees is ook in Potchefstroom gehou.[343]

### 3.3.2 'n Man met vele talente loop voor namens die blanke Afrikanervolk, 1951-1953

Prof. J.C. van Rooy is in Mei 1951 eerste Universiteitsrektor aangewys. Sy senioriteit en innemende geaardheid het dié keuse byna outomaties op hom laat val. Die PUK het dus 'n nuwe onderwysbedeling begin met 'n nasionaal bekende kultuurleier en 'n welsprekende orator wat as geestelik beginselvas beskryf is. Sy opvolger, prof. J. Chr. Coetzee, het prof. Van Rooy onder meer beskryf as 'n man met "blanke opregtheid en edelmoedigheid". Hierdie woorde was waardebelaaide opmerkings vir die tyd en prof. Van Rooy het sy deel gedoen om dit te verdien. Onder meer het hy assosiasies gehad met die "Afrikanerstudentebond" (eerste Voorsitter), die Afrikanerbroederbond (Voorsitter) en die FAK (Voorsitter vir tien jaar).[72] Harmonie tussen kennis en geestelike waardes om sodoende tot 'n beter oordeel in staat te wees, was vir prof. Joon van Rooy 'n noodsaaklike deel van universiteitwees.[73] In sy akademiese betrokkenheid was hy 'n ywerige beoefenaar en uitbouer van die Christelike wetenskap.[74]

Gedurende die eerste maande van Van Rooy se rektorstermyn het die regulasies van UNISA nog vir die PUK gegeld. Hierdie regulasies was teen 1952 sodanig ontwikkel dat elke fakulteit 'n eie kundigheid daaroor opgebou het. Grade in Lettere en Wysbegeerte, Godgeleerdheid, Opvoedkunde, Natuurwetenskap sowel as Handel en Administrasie is aangebied.[75] Voorts is 'n vyfjaarplan vir die oprigting van geboue op die kampus goedgekeur.[76] Ondertussen is die Holloway-kommissie deur die regering benoem wat 'n ondersoek gelas het na die geldelike behoeftes van universiteite.[77] 'n Verslag het in Mei 1953 verskyn waarin bepalings oor salarisse, universiteitsfinansies en subsidieriglyne uitgewys is.[78] Dit was J.C. van Rooy egter nie beskore om die volle uitwerking van hierdie Kommissie-verslag, sowel as die nuwe onderwystendense en kampusinisiatiewe na die eerste treë van selfstandigheid te beleef nie. Vanweë sy swak gesondheid is hy in 1953,[79] nog voor die einde van sy rektorstermyn, opgevolg deur prof. J. Chr. Coetzee – nog 'n bouer van die PUK se vestigingsfase;[80] 'n opvoe-der in woord en daad en geëerd in akademiese kringe.[81]



***Rektor en latere kanselier J.C. van Rooy***

Johannes Cornelis van Rooy, oftewel prof. Joon onder die studente van sy tyd, is op 9 Julie 1890 in die distrik Steynsburg gebore. Hy was die negende kind van Henri Charles van Rooy en Hester Hendriena Coetsee. Sy hoëronderwyskwalifikasies het hy aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool verwerf, waarna hy 'n B.A.-graad in 1913 verwerf. In studentekringe was hy bekend vanweë sy invloed in veral die Afrikaanse Studentebond en in debatsverenigings.[344] Teen 1918 het hy ook die Kandidaatseksamen van die Teologiese Skool voltooi. In 1920 verwerf hy 'n M.A.-graad in Wysbegeerte en vanaf 1927-1928 studeer hy aan die Vrije Universiteit in Amsterdam as doktorale student in Wysbegeerte. Hy lê die eksamen suksesvol af, maar voltooi nie die studie nie vanweë die werkslas van sy veelvuldige verpligtinge. Onder die vernaamste van die verpligtinge was sy versoeningsrol tussen die blanke groepe van die land. Hierdie groepsverskille het tussen 1910 en 1920 tot skeurings aanleiding gegee en was teen die dertigerjare nog nie behoorlik opgelos nie.

Joon van Rooy is in 1952 deur die VU met 'n eredoktorsgraad vereer vir sy onbaatsugtige bydraes in Suid-Afrika. Hieronder tel sy PU vir CHO-registrateurskap vanaf 1927 tot 1937. Hierop volg sy departementshoofskap van Wysbegeerte en etlike ander dissiplines in die Sosiale Wetenskappe en daarna sy dekaanskap van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die Sosiale Wetenskappe en van Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Van Rooy was hierbenewens ook Sekretaris van die Raad en die Senaat vanaf 1938 tot 1948. Hy was ook die Ondervoorsitter van die Senaat vanaf 1942 totdat hy prof. F. Postma in 1951 as opgevolg het in rektorshoedanigheid en prof. J.D. du Toit in 1953 as Kanselier.[345] Laasgenoemde amp het hy vir 'n jaar beklee tot sy afsterwe op 29 Augustus 1954.[346]

Van prof. J.C. van Rooy is gesê dat hy 'n kerkman, 'n volksman vir die blanke Afrikaner, kultuurleier, universitêre rigter en koersbepaler was wat oor 'n wye terrein onderlê was in die wetenskappe. [347] Hy was byvoorbeeld nóú betrokke by die stigting van die Afrikanerstudentebond in 1916 en was die eerste Voorsitter daarvan. Daarop volg sy voorsitterskap van die Afrikanerbroederbond in 1934.[348] In 1938 was hy hoofspreker by die Groot Trek-herdenkingsfeesverrigtinge op Monumentkoppie. Vir tien jaar lank, vanaf 1940, was hy ook die Voorsitter van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge.[349] Dan het hy onder meer ook gedien op die komitee vir die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. Prof. van Rooy was getroud met Rachel Aletta Lion Cachet, jongste dogter van prof. Jan Lion Cachet[350] Uit die huwelik is twee dogters gebore. Die PUK-Raad het in 1993 besluit om die Administrasie-gebou van die PU vir CHO na prof. J.C. van Rooy te vernoem.[351]

***Kanselier F.J. du Toit***



Francois Jacobus du Toit is op 25 Augustus 1897 in die distrik Colesberg gebore. Frans, soos hy onder die meeste mense bekend was, het die matrikulasie-eksamen in 1915 aan Gimnasium Hoër in die Paarl afgelê waarna hy die Intermediêre B.A. aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool deurloop het. Vir twee jaar was hy onderwyser op Schweizer-Reneke, waarna hy na die Universiteit van Stellenbosch is om 'n B.A.-kursus in Ekonomie te voltooi. Hy behaal dié graad in 1921. Na die voltooiing hiervan het hy vir vier jaar gewerk as joernalis by onderskeidelik die koerant Die Weste (Redakteur) en Die Burger (spesiale korrespondent). Met die totstandkoming van die Afdeling Ekonomie en Markte in 1925 as onderafdeling van die Landboudepartement is hy as die eerste ekonoom van dié afdeling benoem. Du Toit vertrek in 1926 na Engeland om Assistent-handelskommissaris van Suid-Afrika op te tree. In 1929 keer hy terug as senior ekonoom vir die Landboudepartement. Du Toit was hierna ook nou betrokke by die stigting van die Suid-Afrikaanse Wolraad; die Raad vir die Inmaak van Voedsel, die Adviserende Raad vir Huide en Velle asook die S.A. Nasionale Wolkwekersvereniging. Hy tree vanaf 1934 weer namens Suid-Afrika op as Handelskommissaris in Londen. Tien jaar later is hy benoem as Hoof van die Departement van Handel en Nywerheid en in 1949 is hy benoem as professionele Adviseur van die Minister van Ekonomiese Sake. Twee jaar later is hy aangewys as Voorsitter van die Raad op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. Hy het ook ander prominente bestuursposisies binne instellings soos byvoorbeeld YSKOR, SASOL, FOSKOR en SANLAM beklee.[361]

In 1954 ontvang hy 'n eredoktorsgraad in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO. Hy was 'n man wat in nasionale en internasionale kringe goed bekend en geëerd was. Vir die PUK was sy oorgawe aan die beginsels waarmee die PU vir CHO geassosieer word, die vernaamste motivering vir sy kanseliersnominasie kort ná die toekenning van sy eredoktorsgraad. Dr. Francois Jacobus Du Toit is op 26 November 1954 as Kanselier van die Universiteit in die plek van prof. J.C. van Rooy aangewys. Die PUK onthou hom vir sy besondere belangstelling in alle vorme van navorsing, veral op ekonomiese, tegniese en fisiese gebied.[362]

Prof. J. Chr. Coetzee het dr. Du Toit, na laasgenoemde se skielike hartaanval in Maart 1961 tydens 'n handelsending na die Ooste (Bangkok – Thailand) en Australië, só opgesom: "Dr. Du Toit was van aanleg 'n akademiese mens in die dieper betekenis: hy was meer siener as vakwetenskaplike, meer beplanner as uitvoerder, meer pleitbesorger as onderwysman". In sy termyn as Kanselier het Du Toit besondere moeite gedoen om fondse te identifiseer om die PU vir CHO se navorsingsgerigtheid te bevorder. Dit geld ook vir sy skakeling na buite ter stywing van die PUK-boufonds.[363] As blyk van erkenning vir sy rol as 'n kanselier en ambassadeur van Suid-Afrika is een van die PUK-geboue na hom vernoem.

## 3.3.3 'n Bouer met passie, 1953-1963

Om 'n opvoedingsinstansie van gehalte te help bou, is wat die PU vir CHO in 1953 nodig gehad het. Soos die res van sy voorgangers en opvolgers, het die Rektor, prof. J. Chr. Coetzee, met sy intreetoespraak erns gemaak met die behoud van die Christelike grondslag van die PUK.[82] Gedurende sy termyn het hy, benewens die PUK se skakeling met 'n Christelike universiteit in Nederland, genaamd die Vrije Universiteit, ook bande gesmee met instansies in die Verenigde State van Amerika wat op Christelike onderwys fokus.[83]

Die studentetal van 1 016[84] in 1953 het gedurende sy rektorstermyn tot 1963 met meer as 'n 100% gegroei tot 2 118. Voorts is gemiddeld twee geboue per jaar gedurende sy dekade van bestuur opgerig. Prof. Coetzee se bekende refrein in dié verband en as dit by beplanning kom, was: "maksimum ruimte, maksimum gerief, so mooi en sierlik as dit kan, maar vir tierlantyntjies is daar nie geld nie". Met hierdie finansiële uitgangspunt is nege laboratoriums opgerig, twee departemente uitgebrei, die Musiekkonservatorium opgerig, die Ferdinand Postma-biblioteek aansienlik uitgebrei en was die Frans du Toit-gebou in wording teen sy uittrede.

Vir meer sosiale samesyn is die kafeteria gevestig en grond is gekoop vir die oprigting van die Fanie du Toit-sportterrein. Dan was daar ook daadwerklike, maar onsuksesvolle pogings van prof. Coetzee se kant om drie nuwe fakulteite te vestig waarvoor toestemming van die regering verkry moes word. Hieronder tel 'n ingenieursfakulteit, 'n landboufakulteit en 'n "fakulteit van medisyne" [sic]. Heelwat herinneringe bestaan waarin Coetzee se gereserveerde benadering tot die uitbreiding van fakulteite beklemtoon is, aangesien hy glo van oordeel was dat die Christelike grondslag daardeur geskaad sou word.[85] Ook word van prof. J. Chr. Coetzee gesê dat hy gemeen het dat die PU vir CHO 'n intieme hanteerbare instansie van uitnemendheid met Christelike beginsels moet bly deur nie die 2 000-studente-merk te oorskry nie. Sy opmerking by 'n gradeplegtigheidsgeleentheid in Potchefstroom dat Amerikaanse universiteite hom eerder laat dink aan fabrieke as universiteite,[86] strook hiermee.



### *Rektor J. Chr. Coetzee*

Johannes Christiaan Coetzee was die tweede oudste kind van Johannes Lodewicus Coetzee en Johanna Margaretha Kruger. Hy is op 8 Maart 1893 op Dassiespoort, Venterstad gebore. In 1909 matrikuleer hy te Paul Roos op Worcester.

Prof. J. Chr. Coetzee was vir 53 jaar op die een of ander wyse verbonde aan die PU vir CHO – aanvanklik as student (1910-1912) waarna hy die gekombineerde graad, B.A-Sc., aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool verwerf. In die periode 1914-1917 het hy onderwys gegee aan die Gereformeerde Gimnasium Steynsburg en vanaf 1917 tot 1920 het hy Wiskunde en Wetenskap by die Potchefstroom Gimnasium aangebied. Daarna het hy sy kundigheid verder uitgebou in Wiskunde (voltooi 'n O1 aan die Grey Universiteitskollege) en Moderne Tale (verwerf 'n M.A. daarin met 'n verhandeling getiteld "Faktore in die opbloei van die Afrikaanse Taal"). In 1920 is Coetzee aangestel as deeltydse lektor in Opvoedkunde, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde. Hy het gedurende hierdie tyd ook in Opvoedkunde 'n M.Ed. afgehandel wat gefokus het op Adoles-sente Psigologie. Daarop volg sy verwerwing van 'n doktorsgraad met 'n proefskrif getiteld "Eksperimentele Opvoedkundige Studies". Vanaf 1925 tot 1953 was hy professor in Opvoedkunde en gedurende 1934-1951 ook Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde.[352] Sy intellektuele vermoëns, sy menswees tussen mense en sy besondere geheue is dinge wat tydgenote van Coetzee onthou. Coetzee is in 1920 met Aletta Johanna van Rooy getroud en vier kinders is uit die huwelik gebore.

Minder bekend is dat prof. J. Chr. Coetzee selfs voor selfstandigwording in 1950 al sedert 1949 by tye waargeneem het in rektorshoedanigheid namens die Rektor, prof. F. Postma, wat ongesteld was.[353] In sy rektorstyd vanaf 1 Desember 1953, is 'n aantal bestuursveranderinge gemaak. Onder meer is 'n meer formele rektorsverslag benewens die Jaarboek uitgegee. Die meeste bestaande komitees is gewysig sodat hulle net 'n adviserende funksie sou hê.[354] Tussen 3 Julie en 10 November 1958 is prof. Coetzee na die Verenigde State om nader kennis te maak met die organisasie en administrasie van hoëronderwysinrigtings.[355] In 1962 is prof. Coetzee herkies vir 'n volgende dienstermyn, naamlik van 1 Desember 1962 tot 30 November 1965. Hy het verlof ontvang om slegs tot die einde van 1963 in rektorshoedanigheid te dien.[356]

Gedurende sy akademiese loopbaan is meer as 600 onderwysers deur sy leiding bekwaam en sowat 100 meestersverhandelings en 60 doktorale proefskrifte is onder sy leiding voltooi. In sy vakgebied was hy bekend vir sy pionierswerk in die skryf van Opvoedkundepublikasies in Afrikaans. Sy assosiasie met Afrikaans-gerigte instansies, Afrikaner-nasionalisme en die Christelike inslag as grondbeginsel vorm hiervan 'n wesenlike deel. Onder meer is hy die outeur van 272 publikasies wat nasionaal en op internasionale vlak die aandag getrek het. Sy akademiese bekwaamheid het in 1957 aan hom die Stalsprys vir Taal- en Geesteswetenskappe besorg.[357] Vir sy pionierswerk as eerste akademikus om die Afrikaanssprekende blanke se standpunt ten opsigte van opvoeding en onderwys te formuleer, is hy in 1969 en 1974 deur onderskeidelik die PUK en UP met 'n eredoktorsgraad in Opvoedkunde vereer. Vanweë prof. Coetzee se akademiese werk het hy ook internasionale erkenning geniet.

Sy opvolger,, Hennie Bingle, het hom beskryf as 'n persoon wat 'n duidelike spoor in die Afrikaanse Opvoedkunde getrap het.[358] By prof. Coetzee se afskeidgeselligheid as rektor in 1963 het die Minister van Onderwys, mnr. Jan de Klerk, van hom gesê dat hy 'n man was "met 'n helder kop, 'n uitstekende administrateur en 'n deeglike wetenskaplike". En verder dat 'n mens met prof. Coetzee ver op die pad van onderhandeling kon vorder, maar dat hy tot beginselkompromis nooit bereid was nie.[359]

Prof. J. Chr. Coetzee is op 6 Desember 1989 op 96-jarige ouderdom in Pretoria oorlede. Die gebou van die Opvoedkunde-fakulteit by die PUK is na hom vernoem.[360]

## • Eerste uitreik na onderwysstelsels van die Verenigde State

Prof. Coetzee se vermelde verwysing na Amerikaanse universiteite was sy indruk daarvan, eerstehands verkry. Tussen 3 Julie en 10 November 1958 was prof. Coetzee na Toronto en Montreal in die VSA vir 'n konferensie van universiteitshoofde, asook vir 'n vakkongres om sodoende nader kennis te maak met die organisasie en administrasie van inrigtings vir hoër onderwys.[87] Fasette van sy blootstelling dáár moes noodwendig 'n uitwerking gehad het op die wyse waarop hy die ontwilkkeling van die PUK daarna benader het. Bo en behalwe die PUK-terreinontwikkeling het byvoorbeeld twaalf nuwe departemente in die rektorstermyn van prof. Coetzee tot stand gekom. Twaalf nuwe kursusse is ingestel en ses navorsingsinstitute is gevestig. Onderrigdoeltreffendheid het aandag ontvang sowel as om meer geleenthede vir skakeling tussen akademici van die PUK met dié in die buiteland te bewerkstellig.[88] Inderdaad het Coetzee met sy bydrae en rol gedurende sy rektorstermyn waarde toegevoeg tot die PU vir CHO se bates en beeld na buite.

## • Lustrumfeeste en ontwikkeling sorg vir vreugde en fondse

Dit was Coetzee beskore om twee lustrumfeeste van die PUK mee te maak Gedurende 1956 is die Universiteit se

eerste lustrumfees (vyfjarige herdenkingsfees) gevier[89] en die tweede in 1961 saam met die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk. Die feestelikheid het in die Totius-gedenksaal plaasgevind.[90] Die Universiteit het in hierdie stadium al oor sowat 72 morg (61,6 ha) grond beskik waarvan die Potchefstroomse Stadsraad die grootste skenker was. Net buite die munisipale gebied het die Universiteitsraad met owerheidsteun 'n plaas van 288 morg (246,6 ha) gekoop, terwyl die plaas Somerville van 3 186 morg (2 728,9 ha) in die distrik Ventersdorp deur die regering aan die Universiteit geskenk is. Die PUK-bates is in hierdie stadium op sowat R2 132 000 geraam.[91]

Aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk is ook gereeld verslag gedoen oor die groei en finansiële posisie van die PUK.[92] Skenkings soos dié van die Stadsraad en die gereelde byeenkomste van PUK-ampsdraers met deputate van die Algemene Sinode beklemtoon die waarde wat gemeenskappe van dié tyd aan verdere onderwys en opleiding geheg het.[93] 'n Gebied wat gedurende hierdie tye vir nuuswaardigheid rondom leiersfigure van die PUK gesorg het, was die Noord-Kaap en spesifiek Venterstad. Rektore soos proff. Joon van Rooy, Chris Coetzee en sy opvolger, Hennie Bingle, is almal met hierdie omgewing verbind. So ook prof. H.C. van Rooy wat in 1965 as President van die Konvokasie benoem is, asook die vader van die latere Rektor, prof. Tjaart van der Walt.[94]

## • PUK-betrokkenheid by onderwys vir swart studente

Die Uitvoerende Komitee van die PU vir CHO het reeds kort na selfstandigwording in 1951 'n ad hoc-kommissie benoem met prof. H.J.J. Bingle as sameroeper wat universitêre onderrig aan veral swart studente moes ondersoek. Alhoewel hierdie idee vir destyds, op die oog af, baie vérsiende voorkom, blyk dit dat dubbele agendas ter sprake was: enersyds om wel diegene wat wil studeer te ondersteun, maar andersyds om te help verhoed dat sogenaamde liberale universiteite te veel geleentheid gebied word om die denke van ander kleurgroepe in Suid-Afrika te ontwikkel. Bingle doen byvoorbeeld soos volg verslag:

"Onder omstandighede het die Afrikaanse universiteite geen keuse nie – hulle sal moet meedoen aan die verskaffing van hoër onderwys aan die naturel [sic] indien hulle nie wil sien hoedat hy onder die liberale universiteite se invloed totaal wegdryf van ons [die 'Afrikaner' se] invloedsfeer nie ..." [95]
Niks van hierdie voornemens het in die vyftigerjare gerealiseer nie. Wel het die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika aandag geskenk aan die opleiding van predikante vir die gemeentes van ander kleurgroepe. Hierdie opleiding moes dieselfde akademiese standaard hê as wat vir die predikantsopleiding vir blanke gemeentes gegeld het. Daaruit is die Hammanskraalse Teologiese Skool (HTS) gebore. Die Universiteit van Suid-Afrika was aanvanklik verantwoordelik vir die B.A.-opleiding van die HTS-studente. Hierdie reëling is in 1972 verander toe die PUK versoek is om as patronaat van die HTS op te tree.[96]

Gedurende die Coetzee-rektorstermyn, in 1959, is die meeste blank-gerigte tersiêre opvoedkundige sentra wetlik verhinder om studente van kleur toe te laat. Net aan die "oop universiteite" Natal, Witwatersrand en Kaapstad is in daardie stadium die vergunning gemaak om alle studente, ongeag kleur, te akkommodeer.[97] Die meeste universiteite was teen hierdie wetgewing gekant, maar moontlik bloot omdat dit inbreuk gemaak het op hulle outonomie. Moontlik was hulle ook teen die wetgewing gekant omdat dit wat hulle mag/wou publiseer, teenstrydig sou kon wees met regeringsideologie.[98] Uit PUK-geledere het twee personeellede, die Rektor, prof. J. Chr. Coetzee asook prof. J.H. Coetzee,[99] voor die parlementêre kommissie wat die saak van afsonderlike universiteitskolleges ondersoek het, teen die wenslikheid van die wetsontwerp getuig.[100] Dit was klaarblyklik elkeen van hulle se persoonlike mening. Die feit dat die PUK-Raad en die Senaat nie amptelik standpunt ingeneem het nie, dui daarop dat die meerderheid hulle dié reëling laat welgeval het. Hiermee is op implisiete wyse met die beleid van die Nasionale Party-regering geassosieer.[101]

Die instel van die omstrede Onderwyswet nr. 45 van 1957 om apartheid binne die onderwys te beklemtoon, het feitlik saamgeval met die PUK-"Rebelle-opstand" van 1959 waarby veral drie vooraanstaande akademici betrokke was.[102] So ook het dit saamgeval met die stigting van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC)[103] in 1962 wat omvorm sou word as die Instituut van Reformatoriese Studies (IRS). In hierdie stadium al was dit deel van die IRS-ideaal dat die PUK mettertyd sy akademiese deure ook sou oopstel vir voorgraadse studente van kleur, naas die nagraadse studente, sodat die Afrika-kontinent meer baat kon vind by die PUK se reformatoriese lewensvisie.[104]

Dat die druk van die regering, naamlik dat universiteite verkieslik aparte tersiêre geleenthede vir die diversiteite van Suid-Afrika moes bied, die PUK-visie geraak het, lei geen twyfel nie. Dat onderwyswetgewing die PUK-visie vir Afrika wel oënskynlik vertraag het, is 'n gegewe. So byvoorbeeld het die PUK se Komitee vir Buitelandse Betrekkinge en die Uitvoerende Komitee eers gedurende 1991-1992 erkenning gegee aan die PU vir CHO se internasionale geesgenootlike kontakte en uitruilprogramme binne Afrika.[105]

## • 'n Patriargale bestuurstyl met deernis?

'n Aantal administratiewe en bestuursveranderings het ook in die Coetzee-termyn gevolg. Onder meer is 'n meer omvattende rektorsverslag naas die Jaarboek uitgegee.

Die afwenteling van bestuursmagte was egter nie in ooreenstemming met die gees van die tyd nie; dus sou die bestuurstyl van prof. Coetzee vanuit 'n 2004-perspektief maklik as besonder outokraties beskou kon word.


Die latere Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, prof. J.L. van der Walt, merk in sy waardering van prof. Coetzee op: "Die enigsins patriargale bestuurstyl van prof. Coetzee as rektor is allerweë aanvaar vanweë die besondersheid van sy persoonlikheid. Sowel die studente as die dosente van die periode van sy rektorskap onthou hom as 'n nederige en beskeie man, 'n rektor wat fiets gery het tussen sy kantoor en sy huis, 'n rektor wat sonder uitsondering eerste gegroet het – altyd sonder aansien des persoons, 'n man wat eerbied afgedwing het op grond van sy vlymskerp gees, geheue en redenasievermoë."[106] Hiermee wou prof. Van der Walt waarskynlik stel dat prof. J. Chr. Coetzee eerder half aartsvaderlik in handel en wandel opgetree het, as dat hy "afdwingerig" van aard was. Te oordeel aan die strekking van die talle persoonlike briewe van werknemers en studente wat in die Coetzee-versameling by die PUK-Argief bewaar word, is hierdie opmerking sekerlik nie so vergesog nie.

Met J. Chr. Coetzee se uittrede in 1963 het hy in sy afskeidsrede sydelings na al sy rektorsbesluitnemings verwys – soos hy dit stel: "Dit was vir my 'n vreugde om die opdragte van die Raad uit te voer. Daar bly in my nou oor om naas my dank en waardering ook aan u Raad my tekortkomings te bely en u te vra om dit te vergewe en te vergeet ... mag die Universiteit groei en bloei ...".

Groei het inderdaad plaasgevind, soos vroeër uitgewys is. Daarby is die akademiese personeel teen 1963 van 88 (in 1951) tot 229 vermeerder. As in gedagte gehou word dat selfstandigwording met soveel nuwe verantwoordelikhede gepaard gegaan het en die visie van die regering vir die onderwys in Suid-Afrika toe nog maar in sy beginstadium was, is die ontwikkeling van die PUK gedurende die Coetzee-termyn geensins so verlangsaam as wat dit mag voorkom nie. Alles waarmee begin is, het 'n gesonde basis gelê vir verdere uitbreiding en groei in die termyne van die daaropvolgende rektore en in 'n veranderende wêreld met nuwe tegnologiese uitdagings.[107] Prof. J. Chr. Coetzee se opvolger is op 'n Raadsvergadering van 20 November 1963 benoem – nóg 'n opvoeder en bouer by uitnemendheid wat die plek van Coetzee moes volstaan – prof. H.J.J. Bingle.

## 3.3.4 'n Nuwe model en visie agter 'n vasberade gees, 1963-1977

Prof. G.C.P van der Vyver verwys na Bingle se aanstelling as "'n man wat die Here juis in hierdie probleemswangere maar terselfdertyd uitdagende uur voorsien het as




***Prof. H.J.J. Bingle***
***(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***

Sy instrument om hierdie kosbare erfenis te bewaar".[108] Hierdie kosbare erfenis was onder meer gesetel in die PU vir CHO-grondslag – 'n aspek wat prof. Bingle by geleentheid erken het as indoktrinerend van aard te wees. Hy het egter ook bygevoeg dat niemand tot die aanvaarding daarvan verplig word nie; verder ook dat niemand 'n onderrigoord sal vind waarin indoktrinasie afwesig is nie.[109] Prof. Bingle het hom derhalwe tuis gevoel binne die raamwerk van eksterne waarnemings dat hy 'n belydende gelowige is met 'n sterk en verantwoorde Calvinistiese oortuiging.[110]

Bingle het ook nie sy sentimente vir die heersende politieke visie van daardie tyd onder 'n maatemmer verberg nie. Sy vooruitskouing van wat die toekoms mag inhou, het hy met die opening van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging in 1963 met die toehoorders gedeel: "Ons Republiek het die afgelope dekade in stormwaters beweeg en kalmte is vorentoe nog nie in sig nie; inteendeel, alles dui daagliks daarop dat ons nog slegter weer te wagte moet wees. In so situasie kan die toestand maklik lei tot 'n geskipper, nie alleen in soverre dit die hantering van die nabysynde en min of meer maklike vraagstukke betref nie, maar ingesonderd wanneer dit gaan om die ankers wat die hele lewe in ewewig moet hou. Van die Universiteit se kant gesien, het die gevoel meer en meer posgevat dat dit nader aan die breë publiek moet beweeg indien dit op daardie akker leiding wil gee en invloed wil uitoefen." Hierdie nuwe eis van gemeenskapsgerigtheid het teen die tagtiger- en negentigerjare gaandeweg deel van die breë benaderingswyse van die PUK geword.

*Kanselier J. de Klerk*



Johannes de Klerk is op 22 Julie 1903 in Burgersdorp gebore. Hy was 'n leerling aan die Gimnasium op Potchef-stroom, asook 'n PUK-student op sy tyd. Vir twee te myne (1925 en 1926) was hy ook Studenteraadsvoorsitter.

Van 1927 tot 1945 was hy by die onderwys betrokke aan verskillende hoërskole en laastens as Hoof van die Primrose-Oos Afrikaansmediumskool, waarna hy hom onverwags in die politiek begewe het. Hy begin as Sekretaris van die Blanke Werkersbeskermingsbond en in 1947 word hy Sekretaris van die Herenigde Nasionale Party aan die eertydse Witwatersrand. Albei poste het hy met soveel welslae hanteer dat hy in 1948 benoem is as Hoofsekretaris van die Nasionale Party. Gedurende die daaropvolgende jaar is hy as lid van die Transvaalse Provinsiale Raad verkies asook as lid van die Uitvoerende Komitee met toespitsing op Openbare Onderwys. So knap het hy hom van sy taak gekwyt dat hy in 1954 verkies is tot lid van die Volksraad vir Kemptonpark en nog in dieselfde jaar volg sy senatorsbenoeming van die Unieparlement en het hy in die kabinet gedien as Minister van Arbeid en Volksgesondheid. Voorts is in 1960 aan De Klerk ook die LL.D.-eredoktorsgraad deur die PU vir CHO toegeken vir sy rol in die openbare lewe.[364] Op 16 Februarie 1962 is minister J. de Klerk (van die Ministerie van Onderwys, Kuns en Wetenskap) ingehuldig as Kanselier van die Universiteit.[365]


Gedurende De Klerk se kanselierstermyn vanaf 1962 is die PUK ook op 'n hoëprofielgrondslag betrek by onderwyskommissies (onder meer die Nasionale Adviserende Onderwysraad waarop prof. Bingle as een van die voorsitters aangewys is) en die eerste Republikeinse Publikasieraad waarop prof. G. Dekker as Voorsitter gedien het.[366] De Klerk is in 1969 ook aangewys as President van die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika.[367] Daarmee is die PU vir CHO se direkte en indirekte bande met die regering verder versterk. In 1971 het hy ook as Staatspresident van Suid-Afrika waargeneem.[368] Sy seun, F.W. de Klerk, sou later as student in sy voetspore volg, voorts ook verantwoordelik wees vir die uitvoerende presidentskap en laat gedurende die tagtigerjare die kanseliersnominasie van die PU vir CHO aanvaar. J. de Klerk is in Januarie 1979 oorlede.[369]

Vraagstukke is naamlik vanuit 'n ruimer raamwerk hanteer en probleme is minder partikulier benader.[111]

Gedurende die Bingle-rektorstermyn was die PUK steeds in 'n boufase wat sy opvoedingstrukture betref – en Bingle was daar om, studentegewys en struktureel, die proses van ontwikkeling en uitbreiding drasties te versnel om daardeur te verseker dat die PUK nie by die behoeftes van die tyd agterbly nie. Die ontwikkeling en uitbreiding is altyd onderneem binne die kernoortuigings dat:

- die doel van die PUK is om mense te vorm wat in staat is om elke lewensituasie te beheer in die lig van Gods Woord;
- Calvynstudie en Bybelstudie die finale vereiste vir die deeglike begronding van 'n student is;
- die PUK aan die wêreld "sy ywer en sy beginsel" aanbied;
- roepingsbewuste dosente nodig is om roepingsbewuste studente as toekomstige leiers te kweek, en dat
- teorie en praktyk mekaar in die tersiêre onderwys moet ontmoet.[112]

As Opvoedkundespesialis het Hennie Bingle se rektorsaanstelling aan die Universiteit ook die onderwys- en onderrigprogram van die PU vir CHO op 'n nuwe weg geplaas: enersyds as gevolg van veranderende nasionale onderwysprosesse vir die tersiêre sektor en andersyds op grond van die dryfkrag en entoesiasme in die persoonlikheid van prof. Bingle. Sy toetrede tot die hoogste bestuursvlak en sy rigtinggewende rol het die PUK as "organisme" [sic] in 'n "lewende en ingewikkelde" [sic] instelling omskep.[113]



### *Rektor (en later Kanselier) H.J.J. Bingle*

Hendrik (Hennie) Johannes Jacob Bingle is op 15 Augustus 1910 op Colesberg gebore. Hy was die tweede seun van ds. Pieter Willem Bingle en Albertje Catharina Andria Coetzee wat albei oorlede is toe Hennie maar nege jaar oud was.[370] Vroeg reeds het hy dus geleer om selfstandig en verantwoordelik te wees. Hy matrikuleer in 1927 aan die hoërskool Paul Krüger in Steynsburg.

Prof. H.J.J. Bingle se aktiewe verbintenis met die PU vir CHO strek oor ongeveer 53 jaar. Dit het hom 12 jaar geneem (1928-1940) om hom te bekwaam en te spesialiseer as onderwyser en later as kundige in Afrikaans, terwyl hy skoolgehou het in onder meer Steynsburg, Vryburg, Messina en in Johannesburg (Normaalkollege, Forest High School, Athlone High School, Helpmekaar Hoër en Germiston High School). Intussen het hy ook nog in 1931 'n pos by die Staatsargiefdiens aanvaar. Hierdie pos het hy vir 'n betreklike kort termyn beklee waarna hy hom na die Normaalkollege te Steynsburg begewe en vir drie maande ook in Vryburg was. Groter bestendigheid in sy loopbaan het gekom nadat hy in 1936 met Anna Susanna de Klerk getroud is.

Benewens 'n M.Ed.-graad wat Bingle in 1935 met lof geslaag het, het hy verder in 1940 'n D.Phil.-graad behaal met die leiding van sy jarelange tutor, J. Chr. Coetzee.[371] In 1945 aanvaar Bingle 'n aanstelling by die Universiteit as senior lektor in Opvoedkunde.[372] Daarna is hy in 1949-1950 tot professor bevorder en vanaf 1951 tot 1962 dien hy as Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. Dié taak het hy vervul benewens baie ander nasionale en Universiteitskomiteeverpligtinge. Dit is ook bekend dat die feestelikhede rondom die onafhanklikheidswording van die PUK in 1951 op grond van sy koördinerende rol en sekretariaatskap 'n dawerende sukses was. Daarby was hy ook ten nouste betrokke by die aanvanklike reëlings in verband met die eksamens wat die PUK vir die eerste keer na die 1951-selfstandigwording afgeneem het. Ook was hy verantwoordelik om die eerste stel regulasies en die Statuut van die PUK op te stel. Bingle se voorligtingswerk aan eerstejaars in hul vakkeuses is 'n ander belangrike funksie wat hy met bekwaamheid 'n dekade lank hanteer het. Van die NAOR waarby hy sedert 1963 betrokke was, was hy die Ondervoorsitter. Op 20 November 1963 is prof. Bingle deur die Raad tot Rektor verkies.[373] Hy was gedurende hierdie tyd ook instrumenteel in die stigting van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme en was ook die Voorsitter van die Afrikaanse Calvinistiese beweging.[374]

In 1967 is prof. Bingle as Voorsitter van die Komitee vir Uitvoerende Hoofde (KUH) benoem.[375] Sy betrokkenheid by die NAOR tot 1969 het baie daartoe bygedra om die PU vir CHO aan die voorpunt te plaas van onderwysontwikkeling op alle vlakke wat die regering vereis het.[376] As akademikus en beyweraar vir die strewes van die PU vir CHO was die neerlê van die rektorstuig in April 1977 vir hom 'n tydperk wat met swaarmoedigheid ervaar is.[377] Vir die PUK was hierdie tyd 'n hoogtepunt van groei – studentegewys en struktureel beskou. Hierna het Bingle hom op sy plaas in die Lydenburg-Dullstroom-gebied gevestig en daar geboer tot sy vrou se dood in 1981 – 'n dag voordat hy met die graad Doctor Educationis (Honoris Causa) vereer is ter erkenning van sy rol as onderwyskundige aan die PUK en in internasionale verband. Hy het hom ondertussen in Centurion, Pretoria gevestig terwyl hy ook die kanselierskap van die PU vir CHO vanaf 1981 vir 'n dekade behartig het. Op 17 Maart 2001 is prof. Bingle met 'n kanseliersmedalje deur die PU vir CHO vereer.[378] Tot en met die datum van die skryf van hierdie publikasie (Februarie 2005) was prof. Bingle nog woonagtig te Centurion, Pretoria.

## • Idees vanuit die VSA om die PUK te ontwikkel

Prof. Bingle se blootstelling in 1965 aan sowat 16 tersiêre instansies in Europa, die Verenigde State en die Ooste (Japan en Hawaii) het as grondslag gedien vir sy idees in verband met die uitbouing van die PUK. Bingle se ampstermyn was 'n periode waarin 'n praktykmaking van teorie op tersiêre onderwysvlak reeds landswyd tot die ontwikkeling van etlike professionele inrigtings gelei het.

Prof. H.C. van Rooy en die latere Registrateur,[114] mnr. C.J.H. Schutte, het Bingle na die Verenigde State van Amerika vergesel. Alle aspekte van universiteitsontwikkeling en tersiêre bemarkingsgerigtheid aldaar is met deeglikheid verken.[115] Veral is geleer om groter te dink om eventueel te oorleef. Prof. Bingle het hierdie ervarings op 'n praktiese wyse op die Potchefstroomse kampus probeer implementeer. Sy ideaal was dat die PUK so spoedig moontlik deel van die tersiêre onderwysvernuwingsproses word om sodoende steeds relevant te bly.[116]



*C.J.H. Schutte, H.J.J. Bingle en H.C. van Rooy in die VSA om fasette van tersiêre innovering te verken, 1965*
*(Bron: Prof. H.J.J. Bingle)*

Die behoefte vir relevansie en uitbreiding was veral gerig op die wens om “nog fakulteite binne die Fakulteit Natuurwetenskappe” [sic] te vestig. Die beoogde fakulteite was die volgende: 'n fakulteit vir Geneeskunde; 'n fakulteit vir Ingenieurswese en 'n fakulteit vir Landbou wat reeds in die Coetzee-termyn as ideale begin posvat het. Die vestiging van 'n fakulteit vir Ingenieurswese is in die rektorstermyn van Bingle verwesenlik. Wat die ontwikkeling van die kampus-infrastruktuur betref, het Bingle dit in twaalf komplekse ingedeel. Sowat 16 nuwe akademiese departemente is van 1963 tot 1977 gevestig. Onder meer was die Instituut vir Streekbeplanning wat op 8 September 1965 gestig is, baanbrekerswerk.[117] Hierop het die instelling van 'n nuwe graadkursus gerig op beplanning – oftewel B.A.(Bepl.) – gevolg. Die akademiese opleiding van verpleegsters is ook in sy be-



*a) 'n Lugfoto van die rektorswoning. Inlas: Hugh Calderbank, oorspronklike eienaar van die huis wat later die rektorswoning geword*



***b) Die ingebruikneming van die rektorswoning deur prof. en mev. Bingle***
***(Bron: M. du Toit,*** **Die rektorswoning, Potchefstroomse Universiteit stylhistories beskou Stigting Simon van der Stel, 2003,** ***D.Com-drukkers), pp.10,14)***

stuurstermyn onderneem,[118] terwyl die Sportinstituut in die middel van die sestigerjare tot stand gekom het.[119]

In 1965 is 16 morg (13,7 ha) grond aan die noordekant van die bestaande Universiteitsterrein van Betty Calderbank bekom. Op dié stuk grond was 'n Tudor-styl-woning met 26 vertrekke wat as rektorswoning ingerig is. Daarmee is 'n jarelange probleem uitgeskakel in die ontvang van groot groepe gaste – 'n taak wat die burgemeestersvrou van Potchefstroom vir etlike jare namens die PUK-rektor moes hanteer.[120]

Algaande was die PUK besig om onder leiding van sy verkennende rektor hoër hoogtes te bereik en wyer ruimtes te verken. Die PUK-eeufees, 1869-1969, is gevier[121] gedurende 'n tyd van indringende gesprekke oor die moontlike ontwikkeling van 'n satellietkampus in die snel ontwikkelende Vaaldriehoeknywerheidsgebied.[122] Die ideaal van hierdie satellietkampus is dan ook gedurende die Bingle-termyn verwesenlik.[123]

Al die bovermelde nuwe beplanning het hoë eise gestel aan die vermoëns van die Departement Finansiële Administrasie, die eertydse Uitbreidingskomitee, die rektore en die registrateur. Lenings moes bekom word en meer fondse as ooit tevore moes onder PUK-ondersteuners ingesamel word. Vir "die liefde van die saak" is tyd ingeruim om vermoeiende treinreise na onder meer plattelandse dorpe te onderneem om finansiële bydraes te vra.[124] Hieruit het 'n behoefte ontwikkel om bemarking, soos ook in die buiteland waargeneem is, op 'n professionele grondslag te bedryf. Die Departement Ontwikkeling, gemoeid met die bemarking van PUK-dienste, was ook 'n produk van prof. Bingle se rektorskap.[125]

## • Bemarking kry 'n nuwe gesig

Die vermelde besoek van prof. Hennie Bingle en twee senior PUK-bestuurslede aan die VSA en ander lande om die wyse van akademiese beplanning en veral die strategie van fondsinsameling van tersiêre instansies te ondersoek, het ook mettertyd positief ingewerk op die bemarkingsgerigtheid van die PUK. Met hierdie geskiedkundige besoek is vir die eerste keer in die geskiedenis van die PUK fondse beskikbaar gestel om die behoefte aan fondsinsamelingsprosesse en bemarkingsgeleenthede indringend te ondersoek.[126] Sowat 16 vergelykbare instansies met die PU vir CHO is in die buiteland besoek waarvan twee in Japan en een in Hawaii. Die inligting wat hierdeur bekom is, was van besondere belang vir die PUK se vestiging van die Departement van Ontwikkeling se strukturele uitleg en taakomskrywing. Anders as in die verlede toe fondsinsameling en bemarking meestal meer direk deur die rektor bestuur en onderneem is, is 'n meer professionele benadering aangemoedig. Hierdie nuwe en meer professionele benadering het aspekte soos die volgende ingesluit: die uitgee van Universiteitspublikasies, "propaganda"-materiaal, die skep van publikasies vir oudstudente, die verspreiding van nuusberigte na die massakommunikasiemedia en die aanvoor en handhawing van goeie verhoudings met die redaksies van koerante en tydskrifte.[127] Met behulp van die bemarkingspan se insette kon die Universiteitsraad in 1965 'n ontwikkelingsprogram aankondig wat sowat R8 miljoen se gebou- en terreinuitbreidings in die vooruitsig gestel het. Finansieel was die Ontwikkelingsfonds van die Universiteit toe meer as R4 miljoen met beleggings van byna R7 miljoen.

'n Ander belangrike afdeling van universiteitswees waarop algaande in die bemarkingsproses meer staat gemaak is, is die sportprestasies van studente en personeel. Die Uitvoerende Komitee van die Universiteit het reeds vroeg gedurende die sestigerjare 'n verslag saamgestel waarin dit gestel is dat die "algemene toestand van sport aan hierdie universiteit sorgwekkend is". In 1965 is besluit om die reeds vermelde Sportinstituut te stig sodat alle sportaangeleenthede by die PUK meer georganiseerd en gekoördineerd aangebied kan word.[128]

## • 'n Outokratiese bestuurstyl met waagmoed en oordeelkundigheid?

Onder die wakende oog van prof. Bingle is die administratiewe stelsel en die bemarkingsfokus van die PUK stelselmatig uitgebou.[129] Feitlik alle besluitneming is eers bekragtig na sy direkte betrokkenheid en/of deur sy kantooradministrasie. Bestuursmatig het Bingle se styl aan die outokratiese gegrens. Onder meer het hy geglo dat twee of meer hoofde nie almal verantwoordelikheid vir 'n saak kan neem nie. 'n Viserektorspos was byvoorbeeld by geleentheid in sy rektorstermyn oorweeg, maar dit het nie Bingle se steun gehad nie. Hy was wel gedurende 1968 bereid om effe laer af in die bestuurshiërargie twee registrateursposte te skep. 'n Afwenteling van bestuursmagte wat sou beteken dat 'n rektor van sy verantwoordelikhede moes prysgee, was vir hom, steeds jare na sy aftrede, 'n vreemde gedagte. Prof. Bingle was oortuig dat waagmoed en 'n bepaalde oordeel in besluitneming hoofsaaklik aan een bestuurder toegewys behoort te word om aan só 'n persoon 'n groter verantwoordelikheid te gee om ook die gevolge van besluitneming te dra – hetsy negatief of positief. Met meerdere bestuurslede het dit, volgens hom, beteken dat die bestuurshoof die gevolge vir besluitneming moes dra waarvoor hy nie primêr 'n finale besluit geneem het nie. Derhalwe was bestuursbemagtiging op senior- en middelbestuursvlak vir Bingle nooit 'n opsie nie.[130] So was die "stem"[131] van die PUK-bestuur gedurende die sestiger en sewentigerjare dan in vele opsigte eintlik die stem van sy Rektor.

- **Die PUK-terrein verander**

Met 'n nuwe onderwysmodel en -visie het prof. Bingle ook daartoe bygedra om groei in die getal studente te bevorder. Teen byvoorbeeld 1965 was 33,2% van die sowat 2 300 studente nagraads. Van die 455 grade wat in dié jaar toegeken is, was sowat 38% op nagraadse vlak. Vergeleke met ander universiteite is hierdie aanduiding van afgehandelde navorsing as 'n besonder hoë persentasie beskou. Noodwendig is hoë eise gestel aan klasruimte en die bestaande terrein van daardie tyd. Kort voor lank het die PUK by die regering om 'n groter subsidie aansoek gedoen met die oog op die ontwikkeling van die Universiteitsterrein sowel as die uitbreiding van die personeelvoorsiening om die 1 tot 15-verhouding tussen dosent/student soos teen 1970 te verbeter.[132] Hierdie proses het ook saamgeval met die Kommissie van Ondersoek na die universiteitswese wat in 1969 geloods is. 'n Hoofverslag is in 1974 bekendgemaak.[133]

Verskeie departemente is vroeg gedurende die sewentigerjare blootgestel aan verskuiwings, uitbreidings of het 'n nuut opgerigte gebou betrek. Op die toekomstige vestiging van 'n landboufakulteit is steeds gehoop en daarvoor is ook plek gereserveer.[134] Spoedig het die jare verby gesnel sodat die PUK teen 1977, aan die einde van prof. Bingle se rektorstermyn, steeds nie 'n landboufakulteit gevestig kon sien nie. Weliswaar was die groei in studentegetalle (van 2 270 in 1964 tot 6 474 in 1976) en die getal dosente (van 416 in 1964 tot 1 088 in 1976) fenomenaal. Dit was 'n besliste pluimpie vir die Rektor. Bo en behalwe 'n toename in professionele vroue-akademici was 'n toename onder damestudente reeds aan die aanvang van die Bingle-rektorstermyn sigbaar.

- **Rekenaartegnologie bekendgestel[135]**

Gedurende 'n tyd toe boekhoumasjiene vanaf 1964 die lewens van die personeel in die Finansiële Administrasie aansienlik vergemaklik het,[136] is die PU vir CHO vir die eerste keer in 1967 gekonfronteer met rekenaartegnologie wat ook ander ondersteuningsdienste regstreeks geraak het. 'n IBM 1130-rekenaarstelsel is op die kampus voorsien om aan 'n jarelange behoefte in navorsing te voldoen. Vir veral die Departemente Fisika en Wiskunde was hierdie nuutjie, met 'n rekenspoed van 100 000 berekenings per sekonde, 'n baie welkome hulpmiddel in die uitvoer van hulle navorsingstake waarvan wêreldwyd kennis geneem is. [137]

- **Christelike onderwys vir 'n verskeidenheid studente**


Tesame met die voortgesette betrokkenheid van die PUK by die Hammanskraalse Teologiese Skool se opleiding van swart studente, was daar ook insette van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC en later IRS) wat in vele opsigte die weg gebaan het vir intensiewe internasionale en Afrika-betrokkenheid deur die PUK. Hierin het prof. Bingle 'n rol gespeel toe hy die IRS versoek het om 'n internasionale konferensie oor Christelike onderwys te organiseer. Sowat 120 afgevaardigdes uit 19 lande het die konferensie bygewoon, en juis dit het die eerste buitelandse nagraadse studente uit Korea aan die PUK tot gevolg gehad. Hierdie verwikkelinge het daartoe gelei dat die PUK reeds in 1973 besluit het om studente van kleur op nagraadse vlak toe te laat om aan die PUK te studeer.[138]

- **Terugskouend**

Die PUK is aan besonder baie vernuwing in die Bingle-era blootgestel waarvan sommige aspekte eers jare later, ná sy aftrede, tot volle wasdom gekom het. Enkele jare na die aftrede van prof. Bingle is hy ingehuldig as Kanselier van die Universiteit. Toe hy na die formele tienjaartermyn hierdie amp neerlê[139] en die ampsbekleding van die nuwe Kanselier, president F.W. de Klerk, waargeneem het, was sy woorde: "Ek lê die ampskleed neer – maar ek hang die ampskleed hoër op!" Inderdaad 'n veelseggende slotwoord: enersyds 'n verwysing na die persoon wat as nuwe kanselier toe ook in die hoogste amp van die land gestaan het; andersyds 'n verwysing na die groter wordende kompleksiteit van eise – eise binne 'n Suid-Afrika wat omstrede beleef is; eise wat die PU vir CHO as Christelike universiteit ook in die gesig gestaar het. [140]

## 3.3.5 'n Akkommodeerder van groter openheid en bemagtiging, 1977-1988

Met die aftrede van prof. Bingle volg die rektorsbenoeming van die jong teoloog, prof. Tjaart van der Walt. Sy toetrede het gepaardgegaan met besonder aktiewe, maar onseker, politieke en ekonomiese tye in Suid-Afrika (byvoorbeeld rassekwessies en internasionale boikot-aksies). So byvoorbeeld is die staatsubsidiestelsel aan universiteite algaande verminder. Waar die staat se subsidietoekenning teen die begin van die tagtigerjare sowat 80% was, was[141] dit teen Van der Walt se uittrede in 1989 al besnoei tot 62%.[142] Gevolglik was ander metodes van fondsinsameling sedertdien redelik op die voorgrond, byvoorbeeld Aksie PUK-miljoen wat onderneem is deur die Departement Openbare Betrekkinge (vroeër as Departement Ontwikkeling bekend).[143] Hierdie aksie was deel van die pogings in die Van der Walt-termyn om die PUK sodanig uit te bou en te versterk dat dit 'n rol as moderne universiteit kon vervul.[144] Hierdie aksie en ideaal was egter nie 'n vakuumverpakte moontlikheid nie, maar alleenlik 'n vooruitsig binne die tydsgegewe werklikheid – 'n werklikheid wat toenemend eise gestel het, onder meer vir 'n groter deelname van swart studente, 'n feller en meer direkte



***Kanselier P.W. Vorster***

Pieter Willem Vorster is op 16 September 1906 in Postmasburg gebore. Sy skoolopleiding het hy aan die Hoër Volkskool Graaff-Reinet voltooi. Sy tersiêre opleiding het hy by die Universiteit Stellenbosch (US) begin, en die grade B.Sc., M.Sc. (met lof), en D.Sc. behaal. Vir vyftien jaar dien hy as lektor-navorser by die Landboukollege Elsenburg. In 1945 verskuif hy na Pretoria waar hy diens aanvaar by die Departement Landbou se Tuinbou-afdeling. Hier het hy 'n toonaangewende rol gespeel in die totstandkoming van die plaaslike groentesaadnywerheid en het hy 'n standaardpublikasie oor uieverbouing die lig laat sien. Na sy dienstydperk by die Tuinbouafdeling volg sy aanstelling as Hoof van die Afdeling Akkerbou van die Departement in 1950. Hy verruil nog in hierdie jaar die pos vir 'n hoër aanstelling as Assistent-direkteur: Navorsing en Onderwys in die Hoëveldstreek te Potchefstroom. Vier jaar lank was hy in hierdie pos werksaam voordat hy as Hoof van die Afdeling: Akkerbou en Weiding te Pretoria benoem is. In 1956 is Vorster aangestel as Assistentdirekteur: Tegniese Dienste van die Departement Landbou. 'n Hoogtepunt van sy loopbaan was toe hy in 1958 as Eerste Sekretaris van die nuwe Departement van Landbou aangestel is – 'n pos wat hy 12 jaar lank beklee het. Nog as dienende Sekretaris en lid van verskeie regeringskommissies het hy in 1971 die kanselierskap van die PU vir CHO aanvaar. Tot 1977 het hy op die PUK-Raad gedien. In 1979 ontvang Pieter Vorster die Dekorasie vir Voortreflike Diens aan die land gelewer.

Die rol van dr. Vorster in die herorganisasie van die landbou om die tegnologiese versnellings te kon hanteer, sowel as wetgewing wat ingestel is om boere te beskerm, is in sy tyd as Sekretaris wyd erken. Hy het vir jare sy Calvinistiese oortuigings in samewerking met prof. H.G. Stoker in verenigings en publikasies uitgeleef. P.W. Vorster het vir 19 jaar lank (1959 tot 1976 as Raadslid en weer van 1979 tot 1981 as Kanselier) 'n lojale verbintenis met die PU vir CHO gehandhaaf. Hy is in 2001 op 95-jarige ouderdom oorlede.[388]

getuienis teen politieke onregte en 'n fyner aanvoeling vir die behoeftes van studente. Aan al hierdie scenarios is Tjaart van Walt gedurende sy rektorstermyn blootgestel.


## • Die Koinonia-verklaring en kampusoopstellingsbeleid 'n vuurdoop vir die nuwe rektor

'n Wisseling van rektor deur die PU vir CHO in 1977 het spontaan saamgeval met etlike politieke veranderinge en onstuimigheid op nasionale vlak. Die benoeming van mnr. P.W. Botha as Eerste Minister in 1977 is byvoorbeeld voorafgegaan deur die omstrede Soweto-onrus, die Inligtingskandaal, die dood van die swartbewussyns-leier, Steve Biko, en die konstitusionele hervormingsvoorstelle deur adv. B.J. Vorster.[145] Ook op geestelike gebied is denkendes gekonfronteer met strydvrae in verband met menseregte en rassediskriminasie. Hieruit het onder meer ontwikkel die Koinonia-verklaring, wat 'n aantal PUK-akademici in 1978 openlik gesteun het[146] – terwyl ander dit dalk net in die gees gedoen het.


Die aanloop tot dié verklaring wat gedurende hierdie tyd as baie omstrede beleef is, was gewortel in etlike teenstrydighede op tersiêre vlak: die toepassing van apartheidswetgewing op tersiêre onderwysvoorsiening. Hiervan was die deelname aan gemengde sport en die toelating van alle voornemende studente – ongeag ras – die vernaamste besprekingspunte.[147]

## • Weg met "apartheid" in lesingsale

Prof. Tjaart van der Walt moes ook mediavure doodslaan na die omstrede hantering van John Douw se beswaar oor aparte lesings vir blanke studente.[148] Douw, 'n bruin student was op daardie stadium besig met honneursstudie. Laat gedurende die sewentiger- en tagtigerjare is etlike versoeke aan die PUK gerig om ander kleurgroepe toe te laat, asook om Christelike onderwys in bruin gemeenskappe te bevorder. Hieronder tel die Sinode



*John Douw (Bron:* Die Wapad, *ca. Mei 1978)*



### *Rektor T. van der Walt*

Tjaart van der Walt is op 15 Februarie 1934 in Pietersburg gebore. Na sy laerskoolopleiding te Jan Celliers in Johannesburg, matrikuleer hy in 1950 met sewe vakonderskeidings aan die Hoër Seunskool Helpmekaar. Hierna verwerf hy 'n B.A.-graad (1953), 'n B.A.(Hons.) in Semitiese Tale in 1957 en in 1958 'n Th.B.-graad met lof. Hy het in 1955 ook 'n B.A.(Hons.) in Klassieke Tale aan die Universiteit van die Witwatersrand met lof behaal. Gedurende die termyne 1956-1957 was hy Voorsitter van die PUK-studenteraad. Daarmee het hy in die spore van sy pa gevolg wat in 1929 die PUK se SR-voorsitter was.[379] Hy is in 1958 met Babie Snyman getroud en in die daaropvolgende jaar is hy na die Johannes Calvyn Akademie te Kampen, Nederland waar hy sy doktorale graad (Th.D.) in 1962 verwerf het. Vir etlike jare daarna was dr. Van der Walt predikant van die Gereformeerde Kerk te Krugersdorp voordat hy 'n professoraat in Nuwe-Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool Potchefstroom aanvaar het. Van 1971 tot 1973 was hy Rektor van die Teologiese Skool en vier jaar later volg hy prof. Bingle op as die vyfde rektor van die PUK – 'n amp wat hy van 1 Mei 1977 tot 31 Desember 1988 beklee. Daarna is hy as Uitvoerende Adjunkvoorsitter van Sanlam aangewys[380] sowel as President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.[381]

Gedurende hierdie periode, in 1978, was hy ook medevertaler en redaksielid van die Nuwe Testament-verta-ling. In opdrag van die regering het hy gedurende 1984 'n eenmanskommissie-ondersoek gelei na swart onderwys in die Vaaldriehoek. Prof. Tjaart van der Walt was ook die Republiek van Suid-Afrika se laaste ambassadeur in die eertydse swart tuisland, Bophuthatswana, waarna hy 'n tyd lank ook as mede-administrateur in die gebied opgetree het. Hy was ook 'n tyd lank Kanselier van die Universiteit van Bophuthatswana (teen die negentigerjare bekend as die Universiteit van die Noordweste). Na sy bedanking as rektor van die PU vir CHO is hy benoem as buitengewone professor in Teologie by die Mukhanyo Bybelskool te Mpumalanga.[382] Tot 1995 nog was hy ook die voltydse adviseur van die premier van die Noordwes-provinsie. Teen 2000 het hy sy loopbaan as predikant by die Gereformeerde Kerk Wapadrant, Pretoria, hervat.[383] Diegene wat onder hom gewerk het, onthou hom as 'n besondere spreker met charisma.[384] "Herstrukturering" en "herposisionering" was sleutelwoorde wat in sy termyn vir die eerste keer aan die orde was. Sy ontvanklikheid vir 'n deelnemende bestuurstyl wat in die gees van die tyd 'n gewilde bestuursbenadering was, het die Pukke meer as ooit tevore verantwoordelik gemaak vir take. Die instelling van die Bestuurskomiteestelsel en die semesterstelsel is in sy rektorstermyn onderneem, asook waardevolle toevoegings tot die bestuur van die Universiteit. Die Fakulteit Ingenieurswese (1981) en die Fakulteit Farmasie (1983) is gedurende sy termyn tot stand gebring. Dit was hy wat die Vaalriviertak in 1983 tot die Vaaldriehoekkampus herdoop het. Daarbenewens was hy in hierdie tyd Kanselier van die Universiteit van Bophuthatswana, FAK-voorsitter (1983) sowel as KUH-voorsitter (1984).[385]

Prof. Van der Walt was in die sewentigerjare nou betrokke by die vertaling van die nuwe Afrikaanse Bybel. Hy was ook die skepper van die PUK-gesegde: "Een maal 'n Puk, altyd 'n Puk".[386] Prof. Tjaart van der Walt is op 17 Maart 2001, tydens die PUK se 50-jarige herdenking as selfstandige universiteit, met 'n kanseliersmedalje vereer.[387]

Suidland van die GKSA en versoeke tydens etlike internasionale konferensies vir Christelike onderwys.[149]

Ondertussen het 'n verdere wysiging van die Onderwyswet nr. 61 van 1955 in 1983 gevolg. Die Ministerie van Onderwys is hierdeur bemagtig om die omstandighede van registrasie aan 'n residensiële universiteit te kan bepaal deur 'n rassekwota en permitte.[150] Hierdie wysiging was algemeen bekend as die Kwota-wetgewing, en juis dit het ook nie soseer die saak van die PUK vergemaklik om gehoor te gee aan die reeds vermelde versoeke nie.

By die PU vir CHO het etlike gesprekke gedurende 1983 gevolg oor die besluit tot die bykomende voorgraadse toelating van swart, Indiër- en kleurlingstudente. Hierdie besluit moet ook gesien word ook teen die agtergrond dat toelating nagraads reeds sedert selfstandigheidswording aan die Universiteit gegeld het – met die PUK as die eerste histories Afrikaanse universiteit om hierdie besluit toe te pas.[151] Die amptelike oopstelling het na die vergadering van die Raad op 30 November 1983 gevolg. Hierdie besluit het landwyd redelik opspraak onder PU vir CHO-ondersteuners verwek.

Van regoor die land is korrespondensie ontvang oor die besluit om die PUK oop te stel. Hierdie briewe het gewissel van versoeke vir die behoud van die status quo tot diegene wat die besluit tot toelating as tydig beskou het. 'n Gemaklike hantering daarvan, met soveel rolspelers en menings te oordeel aan die vragte korrespondensie wat die Universiteit oor hierdie aangeleentheid ontvang het,[152] was dit gewis nie. Die Studenteraad van die PUK het ook skerp gereageer op die besluit van die Universiteitsraad. Die SR-voorsitter, Danie du Plessis,[153] het met drie stemme vir en 13 stemme teen, 'n mosie van verwerping teen hierdie Raadsbesluit ingedien.[154] Die Raad het hierdie ontevredenheid na eie oordeel hanteer, aangesien veranderende landswetgewing toenemend vereis het dat

progressief gedink en opgetree moes word ter wille van dit waarom dit eintlik in die onderwys gegaan het – opleiding en opvoeding as primêre fokus vir almal wat wou en as studente kon registreer.[155] Aan die steeds groeiende behoefte aan huisvesting vir swart studente is eers in die rektorstermyn van prof. Reinecke suksesvol aandag gegee.[156]

## • Die PUK en die stand van hoër onderwys – 1987: 'n waterskeidingsjaar

In 1983 het die Ministerie van Nasionale Opvoeding 'n dokument in verband met die toekomstige ontwikkeling van die universiteitswese in Suid-Afrika gepubliseer wat eers byna twee dekades later 'n daadwerklike impak gehad het. Dit is naamlik die kwalifikasie- en studieprogramme van universiteite soos voorgehou in die SANSO 115-verslag, asook die riglyne oor hoe die hele aangeleentheid hanteer behoort te word.[157] Vanweë die verskeidenheid onderwyskundige uitdagings, benewens die verskillende onderliggende ideologieë en politieke magte in die land, het hoëronderwysinstellings nietemin die behoefte geïdentifiseer dat intensiewe ondersoeke en gesprekke opnuut nodig is oor die stand van hoër onderwys in Suid-Afrika. Onderwyl die PUK in 1986 onder leiding van die Rektor, prof. Van der Walt, sy strategiese plan van vyf jaar vantevore in oënskou geneem het,[158] is 'n ondersoek deur die Komitee vir Universiteitshoofde (KUH) gelas na die stand van hoër onderwys in Suid-Afrika. Die verslag hieroor was getiteld "Macro aspects of the University within the context of tertiary education in the Republic of South Africa". Kernsake wat universiteite se status en toekomstige rol in Suid-Afrika geraak het, is in 1987 ondersoek. 'n Kollektiewe en samewerkende benadering tot ontwikkeling in die land is onder meer as ideaal gestel.[159]

Wat dus tot en met vroeg in die tagtigerjare hoofsaaklik slegs vir blanke studente aan die PUK beskore was, is gaandeweg, binne die raamwerk van nuwe politieke eise en wetgewing, herbedink – veral oor dit wat die PUK as die kernwaardes en -fokus van die PUK geag het.[160] Die onvoorwaardelike toelating van swart studente (nagraads en voorgraads) is vanaf 1987 aanvaar.[161] Daarmee was die PUK die laaste histories Afrikaanse universiteit wat toelating op voorgraadse vlak gefinaliseer het, en tog ironies genoeg, die eerste Afrikaanse universiteit om swart nagraadse studente toe te laat – reeds sedert 1973.[162]

Ten spyte van hierdie positiewe verandering vir sommige mense was Suid-Afrika en akademiese instansies steeds in die wurggreep van 'n internasionale boikot-aksie. Die gevolg was dat 'n verbod geplaas is op die buitelandse kongresdeelnames van akademici. Verder uitvloeisels hiervan was onder meer beperkte skakeling, frustrasies, negatiwiteit en selfs vraagtekens oor gehalte.[163] Die KUH-ondersoek na die stand van hoëronderwysinstellings in hierdie stadium was dus meer as tydig. Op PUK-bodem was 'n ander verbod ondertussen ook in die spervuur.

## • Verbod op dans opgehef

Met die CHO-visie as beginsel van die PUK in gedagte, was daar nog 'n ander aangeleentheid gedurende die eerste bestuursjare van prof. Van der Walt wat tonge aan die praat gehad het. Dit is naamlik die dekadelange verbod op dans deur die PUK, terwyl 76% koshuisstudente, 81% dorpstudente en 63% dagstudente in 'n vraelys-ondersoek van 1986-1987 klaarblyklik aangedui het dat hulle wel dans. In 'n omvattende ondersoek, gelei deur prof. Carools Reinecke gedurende hierdie jaar, het die Raad besluit om van sy beleid hieroor af te sien omdat dit, vanweë onvoldoende begronding, nie werklik afdwingbaar is nie. Die versoek dat dans toegelaat moet word, maar dat die Studenteburo verantwoordelikheid moet aanvaar vir die wyse waarop dansaktiwiteite op die kampus geskied, is nog gedurende hierdie jaar aanvaar.[164] Dit is beskou as 'n besondere mylpaal vir die stem van studente.

## • Deelnemende bestuur vir 'n kompleks wordende sentrum

"Strategiese beplanning" en "desentralisering" was sommige van die gonswoorde gedurende die rektorstermyn van prof. Tjaart van der Walt. Intensiewe ondersoeke is gelas om effektiewe strategieë vir ontwikkeling te volg en om magte te desentraliseer.[165] Hieruit het gevolg die prominente visie van die Rektor, prof. Van der Walt, in konsultasie met die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, prof. N.J. Swart, waarin 'n herstrukturering van die PUK-bestuurstyl aandag gekry het.[166] Dit het daarop neergekom dat meer bestuursmagte na senior- en middelvlakbestuur afgewentel is.[167] Studente het ook hierin gedeel deurdat werkgroepies gevestig is in die vorm van 'n buro. Só het die Studenteburo ontwikkel wat mettertyd tot die pos van Studentedekaan en 'n verskeidenheid ander dienste gegroei het. 'n Buro vir Universiteitsonderwys (BUO later BAS)[168] is ook gevestig met die doel om die dosentekorps verder te ontwikkel tot voordeel van hoërgehalte-opleiding.[169]

Met die bereidwilligheid tot 'n groter deelnemende bestuursbenadering het prof. Tjaart van der Walt die "enigsins, tot sigbare, patriargale bestuurstyl" (aldus J.L. van der Walt) van sy voorgangers op sowel die Potchefstroomse as die Vaaldriehoekkampus omvorm. Hiermee te assosieer is die bosberade te Nooitgedacht wat sinoniem geword het met vergaderings en byeenkomste van 'n deelnemende bestuursaard. 'n Strategiese Beplanningsgroep is ook op die been gebring om 'n ontwikkelingsplan vir die PUK daar te stel as deel van sy visie vir posisionering en herstrukturering.[170] Voorts is 'n viserektor vir die Vaaldriehoekkampus

benoem.[171] Daarby het die aanstelling van die Komitee insake die Hersiening van die Topstruktuur onder meer behels dat 'n deeglike verkenning van die evolusie van organisasiestrukture aan ander universiteite onderneem is.[172]



*Die Nooitgedacht-terrein, Aug. 1982 (Bron: PUK-Argief)*

Onderwyl hierdie komitee al die nodige inligting versamel het, is die twee bene van die registrateurspos hersien en 'n gedeelte daarvan omgeskakel na 'n viserektorspos.[173] Enkele jare later is die een viserektorspos omskep in twee (Viserektor: Finansies en Beplanning en Viserektor: Akademies en Studente). Proff. Nic Swart en Carools Reinecke het die taak, wat aanvanklik aan prof. J.S. du Plessis opgedra was, verdeel en sodanig hanteer. Voorts is adjunkdekane ook in die Van der Walt-termyn verkies, asook die Bestuurskomitee (vroeër Topbestuur) benoem.[174] In 1988 is 'n verdere aanpassing gemaak deur die benoeming van 'n studentedekaan vir die sowat 6 500 studente. Prof. C.J. van der Watt was die eerste persoon om in hierdie amp benoem te word.[175] Hierdie aanstellings het prof. Van der Walt se bestuursbenadering van deelneming aan hoëvlakbesluite meer sigbaar gemaak. Elke fakulteit het ook in hierdie stadium reeds oor 'n eie jaarboek beskik.[176]



*Prof. C.J. van der Watt, die eerste Studentedekaan van die PUK (Bron: PUK-Argief)*



*'n Bestuurskomiteevergadering, 1984: v.l.n.r. Prof. E.J. Smit (Registrateur), T.A. van Dyk (Viserektor: Vaaldriehoekkampus), prof. J.S. du Plessis (Viserektor), mnr. A. Engelbrecht (Registrateur: Finansies en Bedryf), prof. N.J. Swart (Viserektor) en prof. T. van der Walt (Rektor) (Bron:* PU-Skakel*, (2), 84, 1984, p. 5.)*



*Die eerste Lentegradeplegtigheid, Sept. 1983 (Bron: PUK-Argief)*

## • Akademiese programme hersien

Prof. Van der Walt het in sy rektorstermyn opdrag gegee dat die bestaande akademiese programme grondig hersien moet word – enersyds om die samestelling en inhoudelike en opleidingsbenadering van elke graadkursus op 'n sinvolle, wetenskaplike benadering te rig; andersyds om ook meer insette te lewer om studente vir die beroepslewe voor te berei. Die gehalte van wetenskapsbeoefening is hierdeur opnuut onder die soeklig geplaas waarvan die resultate, opvoedkundig beskou, beslis tot voordeel van vooruitgang in die tersiêre onderwys bygedra het.[177] Onder meer het die hersiening van akademiese programme algemene behoeftes uitgewys, soos byvoorbeeld omvattende leierskapopleiding vir studenteleiers op sentrale en koshuisvlak. Die semesterstelsel vir akademiese programme is in 1981 ingestel en die Fakulteite Ingenieurswese (1981) en Farmasie (1983) is tot stand gebring.[178] Nog in dieselfde jaar is die eerste Lentegradeplegtigheid van die PUK aangebied.[179]

In die laaste maande van prof. Van der Walt se rektorskap het die Universiteitsraad besluit dat die PU vir CHO daadwerklik daarvan werk moet maak om te deel in die nuwe ontwikkeling van die universiteitswese wat in die buiteland plaasvind.[180] Om akademiese personeel aan te moedig om hulle kundigheid te bevorder en meer geredelik nasionaal en internasionaal bekend te stel, is 'n akademiese stimuleringsprogram in 1985 deur die Raad goedgekeur (waaruit die reeds vermelde Buro vir Navorsing ontwikkel het). Die stimuleringsprogram het as die VERKA-stelsel bekend geword (dit verwys na Verbetering van die Kwaliteit van die Akademiese personeel).[181] Die dividende van hierdie program is opmerklik in die getal subsidiedraende navorsingsbydraes van 1985 tot 1988 wat in hierdie tydsbestek met 162% verhoog het.[182] In 1987 is begin met die implementering van 'n gerasionaliseerde akademiese program. Prof. N.J. Swart het gedurende 1988 grotendeels die rektorsverpligtinge waargeneem en die program het ook momentum gekry binne die nie-akademiese en administratiewe komponent van die Universiteit.[183]

## • Ander bydraes en opmerkings wat onthou sal word


Gedurende sy rektorstermyn het prof. Van der Walt die idee van 'n nuwe voorkoms vir die kampus uitgevoer. Kort voor sy aftrede in 1977, het prof. Bingle egter al sy steun gegee vir hierdie inisiatief om 'n kampus met baie tuinkontoere daar te stel.[184] Nuwe gebou-ontwikkeling, waarvan die nuwe R5 miljoen-studentesentrum in 1979 deel was, was veral 'n welkome toevoeging.[185] Vir sover dit die PUK-personeel en -studente se doel en taak in die algemeen betref, het prof. Van der Walt geglo dat elkeen se plek op die voorpos is en nie dié van 'n drentelaar êrens in die middel rond nie. Hy was ook bekend vir sy slagspreuk: "Ons sal moet offers bring in die toekoms, selfs offers waarvoor ons in die verlede teruggedeins het".[186] 'n Ander insiggewende uitspraak wat dikwels deur Van der Walt gebruik is in die algemene omgang met studente en wat hy ook in sy bekende preekbundel opgeneem het, is: "God se môre begin vandag: rol op jou moue!"[187] Na 'n termyn van 11 jaar en agt maande het die Rektor, prof. Van der Walt, vanweë sy verpligtinge as Ondervoor-

sitter van Sanlam, bedank in sy tweede bestuurstermyn.[188] Daarmee het Van der Walt gekies om sy moue op te rol vir 'n nuwe taak buite universiteitsverband.[189] 'n Nuwe rektor moes dus in 1988 benoem word.






*Foto bo, onder en volgende bladsy bo: 'n Blik op die PUK-kampusuitleg met die Hoofgebou as "die mat waarop die meubels staan"- aldus die landskapsargitek, prof. B.A. Farrell.*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling en T.T. Cloete,* PU-Skakel *(2), 1984, p. 47})*



### *Kanselier F.W. de Klerk*



Frederik Willem de Klerk is op 18 Maart 1936 in Johannesburg gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp. Gedurende die middel van die vyftigerjare ontvang hy opleiding aan die PU vir CHO waar hy die grade B.A. en LL.B. (met lof) verwerf. As student was hy betrokke by die georganiseerde studentelewe. Onder meer het hy op die Studenteraad gedien sowel as op die hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond. Sy loopbaan in die Regte begin in 1959 toe hy as kandidaatprokureur in Klerksdorp aangestel is. Hy word na Pretoria oorgeplaas waar hy as prokureur gekwalifiseer. De Klerk tree gedurende hierdie tyd in die huwelik met 'n studentemaat, Marike Willemse. Vanaf 1961 praktiseer hy in Vereeniging, waarna hy spoedig 'n prominente rol in die gemeenskapslewe speel, waaronder die voorsitterskap van die Vaaldriehoekkring se tak van die Vereniging van Prokureursordes.

Die PU vir CHO bied aan hom die leerstoel in Politieke Reg aan, maar voordat hy die pos formeel kon aanvaar, is hy eenparig as kandidaat van die Nasionale Party vir die kiesafdeling Vereeniging aangewys. Sy keuse val op laasgenoemde en hy word na 'n tussenverkiesing as volksraadslid van Vereeniging verkies. Hierna was sy opgang in die politiek dinamies. Op 3 April 1978 is hy in die kabinet opgeneem as Minister van Pos- en Telekommunikasie, Volkswelsyn en Pensioene. Daarop het gevolg sy hantering van etlike ander portefeuljes soos Sport en Ontspanning, Mynwese, Omgewingsbeplanning en Energiesake, sowel as Nasionale Opvoeding. Vir sy diensbaarheid ontvang hy in 1981 die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident. Vyf jaar later, op 1 Desember 1986, word hy leier van die Volksraad en op 15 September 1989 is hy eenparig as Staatspresident verkies.

De Klerk se besondere bekwaamheid as meningsvormer en debatteerder het beïndruk, veral sy hantering van die belangwekkendste parlementêre openingstoespraak wat hy in sy politieke loopbaan sou lewer, naamlik by die tweede sitting van die negende parlement van die Republiek van Suid-Afrika op Vrydag 2 Februarie 1990. Daarin was voorstelle vervat vir 'n onomkeerbare wegbeweeg van die toe bestaande apartheidstaatsbestel na een met geen geïnstitusionaliseerde rassediskriminasie nie. Nog in dieselfde jaar is 'n eredoktorsgraad in die Regte aan F.W. de Klerk toegeken.[395] 'n Jaar later is hy as Kanselier van die PU vir CHO benoem. Tydens sy kanselierskap, in 1994, het die Bond van Oud-Pukke hom en sy eggenote, Marike, vereer met die oorkonde van die Bond.[396] Gedurende hierdie tyd het hy die Nobelprys vir Vrede ontvang – 'n eer wat hy gedeel het met mnr. Nelson Mandela, sy opvolger as President. Hy bedank in 1996 as Adjunkpresident uit die Regering vir Nasionale Eenheid (RNE) en in 1999 as Kanselier van die PU vir CHO. Teen 2004 was mnr. F.W. de Klerk steeds 'n gewilde spreker op nasionale en veral internasionale podiums, waaronder die VSA se "speakers circuit", die Club of Rome en Forum 2000 – laasgenoemde 'n liggaam wat gerig is op die bevordering van vrede. Daarby is hy ook 'n trustee by die Centre of Peace van Simon Perez.[397]

### 3.3.6 Vertegnologisering, herstrukturering en rasionalisering – prof. Carools Reinecke en die laaste dekade van die 20ste eeu


Prof. Tjaart van der Walt se opvolger, prof. C.J. (Carools) Reinecke, is amptelik op 10 Februarie 1989 as ingehuldig as Rektor van die PU vir CHO vir die 1990 tot 1999-termyn.[190] Dié termyn is in 1999 vir drie jaar gekontinueer, aangesien vernuwing in die onderwysbedeling dit genoodsaak het – aldus die Raad.[191]

Soos sy voorganger, was prof. Reinecke[192] ewe beslis oor die funksie en doel van die PUK, sowel as oor die toelating van studente aan die PU vir CHO.[193] Tydens sy rektorale inhuldigingsrede het hy in 'n kort, maar betekenisvolle, nota daarby gevoeg: "... alhoewel kulturele partikulariteit vir die [U]niversiteit 'n wesenlike deel van sy karakter is, mag dit juis deur 'n Christelike [u]niversiteit nooit verabsoluteer word nie. Ons roeping strek oor die skepping in sy totaliteit ...". Met die aanvang van prof. Reinecke se rektorskap was 'n totaal van sowat 9 200 studente aan die PUK ingeskryf, waarvan 5 020 mans en 4 180 dames was.[194]

Op versoek van die regering het die PU vir CHO ook se-dertdien 'n keuringsmodel ontwikkel om die getal risikostudente te beperk. Hierdie model het, tesame met 'n aantal eksterne faktore, vir 'n kort termyn 'n dalende effek op eerstejaarstudentetalle en die subsidietoekenning aan die Universiteit gehad.[195] 'n Deurdagte ontwikkelingsplan was noodsaaklik om onder meer negatiewe tendense soos dié in die toekoms meer effektief te hanteer.

'n Volgende fase van die langtermynontwikkelingsplan vir die PU vir CHO wat tot 2005 sou strek, het gedurende die rektorstermyn van prof. Reinecke 'n aanvang geneem. Bestuursmatig was die jare 1989-1990 net so 'n keerpunt vir die PUK as dit wat op internasionale en nasionale vlak

***Rektor C.J. Reinecke***



Carolus Johannes Reinecke is op 21 Desember 1941 op Krugersdorp gebore. In 1959 matrikuleer hy aan die Hoërskool Piet Potgieter op Potgietersrus.

Carools J. Reinecke (jr.)[389] is 'n oudstudent (1960) van die PU vir CHO. Hy het 'n B.Sc.-graad in 1962 voltooi met onderskeidings in Fisika en Chemie, 'n Honneursgraad in Chemie met lof verwerf, sowel as 'n M.Sc.-graad in Fisiese Chemie wat hy as jong lektor in 1965 voltooi het. Nog in dieselfde jaar tree hy in die huwelik met Drienie Venter. Hy sit sy studie kort daarna voort en in 1968 verwerf hy 'n D.Sc.-graad aan die Rijksuniversiteit van Leiden, Nederland. Enkele jare later word hy as die eerste Hoof van en professor in die Departement Biochemie aangestel. In 1983 is hy benoem as Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Tot 1985 het hy hom beywer vir 'n selfstandige Fakulteit Farmasie. Vanaf 1985 tot 1988 dien hy as Viserektor: Akademiese en Studentesake. Daarby het sy verpligtinge ook koshuisvaderskap ingesluit. Vanaf Januarie 1989 is hy as Rektor van die PUK benoem[390]. Gedurende die 1994-1995-termyn van sy rektorskap is hy as Voorsitter van die Komitee van Universiteitshoofde benoem en met sy uittrede as Rektor in 2001 het hy nog gedien as Voorsitter van die Akademiese Beplanningskomitee van die KUH.[391]

In wese het die klim van die beroepsleer prof. Reinecke nader aan die komplekse en tydsbepaalde akademiese tendense en behoeftes gebring[392] – aan die een kant met 'n wakende oog oor die belange op sy spesialiteitsterrein, Biochemie; aan die ander kant 'n doelgerigtheid om die PU vir CHO as een van die tien top-universiteite in die land te vestig. Vir 'n termyn van 13 jaar het prof. Reinecke, toegerus met akademies-vernuwende idees wat veral internasionaal verkry is, hom toegespits op die Universiteit se ontwikkelingstempo, gehalte-opleiding en -navorsing, herstrukturering, fokusverskerping en 'n verbetering van die Universiteit se finansiële posisie.

Prof. Reinecke se bevordering van die betekenis van die Christelike grondslag van die PUK in die wetenskap en in Christelike hoër onderwys en sy stigting van die Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap in die Sentrum vir Geloof en Wetenskap, het daartoe bygedra dat die Kosin University Korea in 1996 'n eredoktorsgraad (D.Th. – d.c.) aan hom toegeken het.[393]

Hoëronderwysvernuwing in Suid-Afrika gedurende die negentigerjare, soos deur die regering aangepak, het rigtinggewende voorstelle van prof. Reinecke vir die Groen- en Witskrif aanvaar. Hieronder tel die versekering van gehalte – 'n program wat hy dadelik aan die PU vir CHO gevestig het.[394]

Op 'n meer persoonlike vlak sal prof. Reinecke by oudstudente onthou word as 'n méns-mens-rektor, iemand met 'n plat-op-die-aarde-benadering; iemand wat onder meer jaarliks in sy rektorstermyn tyd gemaak het om finalejaarkoshuisstudente te groet.

Prof. Reinecke is vir die periode 2002-2004 as vakkundige adviseur in Biochemie en Wetenskapsleer benoem. Hy is ook versoek om die Universiteit behulpsaam te wees by die stelsel van gehalte meting en -bevordering sowel as om te help met die aanbied van Wetenskapsleer vir tweede- en derdejaars.



*Die PUK-forum, 2000 (Bron: PUK-Argief)*

aan die gebeur was. Die opkoms van demokrasie in Oos-Europa teenoor 'n anti-Marxistiese benadering (die ineenstorting van Kommunisme met 'n groter steun aan kapitalisme as finansiële stelsel binne 'n veelpartydemokrasie) sowel as die dwingendheid van verandering in Suid-Afrika om demokrasie en politieke gelykheid te verseker, is die internasionale gebeure waarna prof. Reinecke dikwels sydelings in toesprake en gesprekke verwys het.[196]

"Herstrukturering", "rasionalisering"[197] en "vertegnologisering" was sommige van die sleutelbegrippe in die "Carools-sê-so-" of "Carools-kwaliteit"-termyn soos luimig in wandelgangopmerkings opgemerk is. Teoreties, en in sommige gevalle meer sigbaar, was 'n verdere verfyning van die proses van deelnemende bestuur ook aan die orde.[198]

## • 'n Verfyning van deelnemende bestuur en transformasie

Prof. Reinecke en die Raad het in 1989 ingestem dat die oorhoofse bestuurstaak van die rektor die beste deur 'n voortgesette proses van deelnemende bestuur bereik kan word – 'n bestuurstyl waarin daar wel oorhoofse betrokkenheid, koördinering, leiding en beheer is. As uitvloeisel van hierdie besluitneming is 'n strategiese beplanningsgroep aangewys bestaande uit die rektor, die Bestuurskomitee, sowel as die dekane, hoofdirekteure, direkteure vir Openbare Betrekkinge,[199] die Buro vir Universiteitsonderwys[200] en twee lede van die Raad.

Gedurende die eerste paar jaar na 1989 is slegs een vise-rektorspos gevul, naamlik dié van Akademie en Studente met prof. A.J. Viljoen in hierdie hoedanigheid.[201] Die rol en funksies van die universiteitswese is oral opnuut onder die soeklig geplaas en van tyd tot tyd was daar gedokumenteerde debatvoering oor die trae wyse waarop besluitneming en verslae vanuit die Universiteit se vernaamste bestuursliggame na die breër Universiteitskorps gekommunikeer is – ten koste van hierdie korps.[202]

'n Dokument vir Strategiese Beplanning is wel in 1990 aanvaar wat onder meer deelnemende bestuur tot op departementele vlak gefinaliseer het.[203] Begrotingsbeheer en aanspreeklikheid vir die bestuur van fondse op 'n inkomste-uitgawebasis op departementele vlak was veral prominent.[204] Met hierdie groter mate van verantwoordelikheid op middel- en laerbestuursvlak is terselfdertyd gepoog om aan die Universiteitsbestuur 'n fermer hand in alle Universiteitsfinansies te gee, onder meer as gevolg van die dramatiese daling in die staatsubsidie-inkomste soos vroeër uitgewys is. Vir die boekjaar van 1990-1991 is byvoorbeeld 'n daling van R5 miljoen in die PUK-subsidie aangeteken.

Daarom dan ook dat die Raad dit goedgekeur het dat 'n vyfjaarprogram geïmplementeer word om die begroting van akademiese en ondersteuningskomponente tot op departementele vlak op 'n inkomste-uitgawebasis binne 'n aanvaarbare koste-effektiwiteitsvlak te laat bedryf. Dit het daarop neergekom dat departementshoofde van akademiese en ondersteuningsdepartemente die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid moes aanvaar vir die


begrotingsbeheer per departement, terwyl oorhoofse kontrole op senior vlak plaasvind. Indirek was hierdie stap deel van 'n demokratiseringsproses binne die nuwe bedeling wat geverg het dat 'n proses van deursigtigheid en inklusiwiteit deel moes word van die kultuur van die Universiteit. Aan hierdie proses is gedurende 1994 en 1995 geskaaf tot 'n formele struktuur beslag gekry het.[205] Sowat R20 miljoen is in hierdie stadium uit klasgelde geïn, en R30 miljoen uit navorsings- en ander projekte, skenkings, rente en hulpondernemings.[206]

Die strategiese plan van die PUK het nóú saamgeval met 'n transformasieproses wat behels het dat 'n omvattende konsulteringsproses met alle rolspelers begin is om te verseker dat die plan in ooreenstemming is met die behoeftes van die meerderheid mense in 'n veranderende omgewing. Hierdie proses is genoem die PUK 2000-Forum (vir die Universiteit in sy geheel, maar veral gerig op die PUK-kampus) en die WATUNI 2000-forum (vir die Vaaldriehoekkampus).[207] Vir die Rektor was die PUK-forum 'n saak van "ons uitdaging, ons geleentheid" op die pad van selfontdekking, asook 'n geleentheid vir interne besinning binne "'n inklusiewe proses van strategiese posisionering met dankbaarheid daarmee saam".[208]

In antwoord op die nasionale transformasie[209] is interne strategiese herposisionering[210] en transformasie deur die PUK-forum aangemoedig deur onder meer die daarstelling van die Breë Transformasieforum (BTF) in 1997. Twee jaar later was dit die stigting van 'n Institusionele Forum (IF) in Augustus 1999, soos vereis deur die Wet op Hoër Onderwys.[211] Aan die IF is opgedra om onder meer die Raad te adviseer oor die toepassing van die Wet op Hoër Onderwys asook die keuring van kandidate vir aanstellings as rektore en viserektore.[212] So was die prof. Madoda Shadrack Zibi se viserektorsaanstelling in 1997 (en in hierdie hoedanigheid as 'n eerste swart viserektor[213] van die PUK) deels te danke aan die moniterende bydrae van die BTF wat onder meer 'n soortgelyke taak as die latere IF gehad het.

'n Ander eksterne faktor wat ook ingespeel het op die PUK-Raad se besluit tot groter deelname, was die onrus, gepaardgaande met onluste en stakings, wat gedurende Oktober-November in die distrik Potchefstroom beleef is.[214] Politieke klimaatsveranderinge het meer ruimte gebied vir alle werkerskorpse om hul behoeftes op arbeidsvlak met werknemers te bespreek. Daarop het die PUK, na samesprekings met die National Education Health and Allied Workers' Union (NEHAWU) by die Vaaldriehoekkampus in September 1993, 'n formele ooreenkoms op 15 April 1994 bekragtig.

Op die Potchefstroomkampus is 'n erkenningsooreenkoms reeds in Januarie 1991 aangegaan met die National Union for Public Service Workers (NUPSW) – kort daarna bekend as die Municipal Education State Health and Al-



***Prof. M.S. Zibi as eerste swart verteenwoordiger op die PUK-Raad (Bron: PUK-Argief)***

lied Workers Union (MESHAWU) – vir solank as wat hulle die meerderheid werknemers binne die bedingingseenheid verteenwoordig. Alhoewel hierdie vakbond hierdie ooreenkoms nie te alle tye kon handhaaf nie, is nogtans besluit om met sowel MESHAWU as NEHAWU op 26 Oktober 1994 'n ooreenkoms te teken om die bereidheid van die PUK tot samewerking op hierdie vlak sigbaar te maak.[215]



***NEHAWU-aktiwiteite gedurende die negentigerjare (Bron: PUK-Argief)***

## • 'n Formele visie en missie vir die PUK

Die eerste treë wat in die opstel van 'n formele missie vir die PUK gegee is, was tydens die vele Strategiese Beplanningsvergaderings wat in 1988 op Nooitgedacht gehou is.[216] Teen die einde van 1989 is 'n filosofiese raamwerk waarbinne die PUK moes funksioneer, opgestel en in die daaropvolgende jaar is 'n formele missie bekendgestel waarin veral die besondere PUK-visie oor onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens beklemtoon is.[217]

Bo en behalwe hierdie drie besondere vertakkings van die visie en missie het die wyse van wetenskapsbeoefening en die voertaal vir onderrig ook prominensie geniet. 'n Verkonkretisering van die Christelike grondslag van die PU vir CHO in die wetenskap is steeds as onvoldoende beskou, alhoewel daar in die loop van die PUK-geskiedenis daaraan gebou is. 'n Fase van nadere besinning en analisering van hierdie aspek deur amptelike kanale is voorgestel. Die stigting van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap was 'n uitvloeisel hiervan.[218]

Die missie is laat in 1988 formeel bekragtig en het toe só daar uitgesien:

"Die PU vir CHO wil as Universiteit onderrig en navorsing op 'n vlak van gehalte uitvoer en hierdie funksies tot diens van die gemeenskap verrig, gegrondves op sy Christelikhistoriese karakter."[219] Vir jare het die volgende missie egter gegeld: "Die PU vir CHO is 'n Universiteit van hoë gehalte op 'n Christelike grondslag. Ondernemingsingesteld en diensgerig vir die tyd, die land en die mense.[220]

Teen 2003 is die visie tot 2005 soos volg verwoord:
"Die PUK is 'n Universiteit

- waar onderrig-leer en navorsing van gehalte asook die implementering van deskundigheid die kernbesigheid is en waar internasionaal-erkende kwaliteitsmaatstawwe geld;
- wat gekenmerk word deur 'n gemeenskapsontwikkelingsgerigtheid;
- wat ondernemend ingestel is, en uitmunt in dienslewering;
- wat vanuit sy Christelike grondslag uitreik na die volle spektrum van Suid-Afrikaners."

Die grondslag van die PUK is Christelik en dit werk rigtinggewend in op die manier waarop:

- "wetenskap, waaronder onderrig, beskou en beoefen word;
- diens gelewer word aan gemeenskappe binne en buite die Universiteit;
- die Universiteit ingerig, bestuur en ondersteun word;
- die etos van geregtigheid, menswaardigheid; gelykheid, vryheid en verantwoordelikheid uitgebou word".[221]

## • Oopstelling van inwoningsgeriewe aan swart studente

Tot 1982 nog was die regerende party van die land wetlik in beheer van wie universiteite in hul woonplekke vir studente mag akkommodeer. Ook het die kwotastelsel (Wysigingswet op Universiteite nr. 83 van 1983), soos reeds vroeër vermeld is, die minister gemagtig om kwotas vir die registrasie van ander kleurgroepe aan blanke universiteite te bepaal. Mettertyd het hierdie rigiditeite verslap – 'n proses wat universiteite se vermoë om ander kleurgroepe wel te akkommodeer, vergemaklik het.[222]

Op 26 April 1990 het die Raad besluit dat die Universiteit se inwoningsgeriewe vir alle rassegroepe oopgestel word[223] – skynbaar sonder die nodige wyd gekonsulteerde benadering van deelnemende bestuur[224] – maar tog na jare van indringende ondersoek sedert die inwerkingstelling van die 1983-Onderwyswetgewing.[225] Hierdie besluit was heel moontlik ter wille van tersiêre oorlewing op nasionale vlak, maar ook om aan die grootste kritici van die Universiteit te bewys dat die Christelike grondslag van die Universiteit 'n besondere rol speel en gespeel het in die skepping van 'n omgewing waarin verdraagsaamheid en gedissiplineerdheid tussen studente van verskillende kultuurgroepe prominent is.[226]

Kort na die vermelde besluit, in 1991, het 'n oorweldigende "ja"-stem vir hervorming in die land in elk geval gevolg, naamlik toe die 1983-onderwyswetgewing herroep is.[227] Daarop het gevolg die bekendstelling van 'n keuringsmodel vir die toelating van studente tot die Universiteit – laasgenoemde enersyds om die toetrede van groot getalle studente te beheer en andersyds om oor die handhawing van standaarde te waak.[228]

## • Gehaltekontrole, telematiese leer en akademiese herstrukturering as nuwe inisiatiewe vir verandering vanuit internasionale onderwystendense

Op nasionale en internasionale konferensies en simposiums is van tyd tot tyd besin oor die funksie van universiteite. Innoverende idees is voorgehou wat prof. Reinecke gedurende sy rektorstermyn met onderskeiding bedink, oorgeneem, aangepas en aan die PUK ingestel het om akademiese gehalte te bevorder.[229] Die inisiatiewe van die Rektor het beslag gekry tydens die Reddy-kommissie se ondersoek aangaande die status van hoër onderwys met die doel om herstrukturering te bevorder.[230] Gedurende die tydperk 1992 tot 1996 is gehalte-evaluering van akademiese departemente onderneem. Sowat 66 verslae waarin 714 studiegidse en 324 eksamenvraestelle geëvalueer is, het hieruit voortgevloei. Aanbevelings wat gemaak is, was dat nagraadse onderrig meer gefokus moes wees en dat 'n institusionele oudit gedoen moes word.[231]

Om terselfdertyd uitvoering te gee aan die nuut aanvaarde Witskrif van die Ministerie van Onderwys,[232] waarin die PU vir CHO daadwerklike insette gelewer het, is die versekering van gehalte-onderrig in die Reinecke-termyn besonder beklemtoon. Met behulp van die inisiatiewe van die Stra-

tegiese Beplanningsgroep is internasionale kundiges genader om die PUK met die kontrole van gehalte behulpsaam te wees deur 'n institusionele oudit te onderneem.[233] Op aanbeveling van prof. Reinecke is geskakel met 'n gehalteversekering-adviessentrum in Nederland, genoem die "Centre for Higher Education Policy Studies" (CHEPS), om 'n gehalteversekeringsoudit van die PUK aan te vra.[234] Dit was 'n omvattende taak wat hoofsaaklik onderneem is met drs. H.J. Brinkman, voorheen van die Vrije Universiteit van Nederland (Amsterdam), as Voorsitter, in samewerking met drie ander internasionale kundiges, sowel as drie kundiges van ander tersiêr-gerigte instansies in Suid-Afrika.[235] Hierdie proses het progressief daartoe bygedra om akademiese gehalte aan die PUK meer sigbaar te vestig en te bevorder. Sowat 85 departemente aan die PU vir CHO en die Vaaldriehoekkampus is vanaf 1998 tot 2001 geherstruktureer tot 34 skole.[236] Vir die PUK is 'n driejaarplan ontwikkel om alle residensiële programme, die moontlikhede van telematiese leerstelsels en afstandsonderrig effektief te hersien, asook om die toepassing van gelykheid en effektiwiteit binne bepaalde onderwysmodelle op te volg.[237] In 1998 het die Centre for Higher Education Transformation (CHET) 'n verslag opgestel oor die gehalte van onderrigprogramme aan Suid-Afrikaanse universiteite. Volgens die Kommissie was die PUK-program onder die tien beste voorbeelde internasionaal.[238]

'n Onderwysdiensleweringsproses van uitnemendheid waaraan ook gedurende die negentigerjare geskaaf is, was die Telematiese Leersisteme (TLS). Vanuit die geledere van die Vaaldriehoekkampus is die aanbeveling opgevolg om TLS-gefokus te raak om die verwagte massafikasie te hanteer (aldus die Viserektor, prof. Dewey de Wet).[239] Op grond van prof. Reinecke se besinning oor hierdie saak, asook sy breë onderwyskundige blootstelling nasionaal en internasionaal, is TLS in 1995 gevestig.[240] Die implementering van hierdie stelsel het behels dat die klem verskuif het van onderrig na leer en dat die kennisbedryf aan die tegnologie gekoppel is. Die Viserektor, prof. Albert Viljoen, het hierdie leerstelsel verder ontwikkel en bevorder.[241] Teen 2003 was nagenoeg 3 600 studente by TLS ingeskryf en is sowat 40 studiesentrums landswyd ingestel wat met behulp van meer as 336 fasiliteerders bedryf is.[242] Die TLS-stelsel is in Oktober 2001 deur die Commonwealth of Learning (COL) geassesseer,[243] waarop 'n verslag in Januarie 2002 bekendgemaak is wat klaarblyklik besonder gunstig was.

Benewens TLS was daar vanaf 1998 ook samewerking met die Open Learning Group in afstandsonderrig binne die strukture van die Fakulteit Opvoedkunde waar sowat 16 000 studente teen 2003 geregistreer was. Die inskakeling van die POK by die PUK het die getal ingeskrewe studente aan die PUK nie alleen verstewig nie, maar ook 'n behoefte vervul wat in die toekoms die PUK se gereedmaak van tegnologiese fasiliteite vir onderrigdoeleindes sou bevorder.[244]

*Die Open Learning Group (OLG)-embleem {Namibië het ook 'n OLA-groep} (Bron: PUK-Argief)*


Teen 2001 was die opleidingswerksaamhede van die PUK gestruktureer en geherkurrikuleer in die vorm van 83 kwalifikasies (grade, diplomas en sertifikate), wat by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) geregistreer is en binne die strukture van 34 skole aangebied is. Gedurende hierdie jaar is 'n driejaarplan deur die Universiteit opgestel waarin gehalteversekering verder beklemtoon is. Met die ondersteuning van prof. C.J. Reinecke en die bestuurder van gehalteversekering van die PUK, dr. W.J.J. van der Merwe, is 'n ondersoek hierna gelas[245] wat teen die datum dat hierdie publikasie geskryf is, nog nie beskikbaar was nie.

Vanuit die geledere van akademici wat ondertussen die TLS moes implementeer, is ook verslae in die vorm van wetenskaplike artikels gepubliseer waarin onder meer besorgdheid uitgespreek is oor die gehalte van die toepassing van die TLS binne 'n meer vertegnologiseerde samelewing.[246]

## • Tegnologiese innovering

Benewens die vermelde OLG en TLS-programme wat 'n besondere denkverskuiwing van die PUK-owerheid geverg het, is reeds vroeg in die Reinecke-termyn werk gemaak van gehaltenavorsing, sowel as die toepassing van Eerstewêreldtegnologie en -ontwikkeling toe die pos Bestuurder: Tegnologie en Ontwikkeling in 1988 bekragtig is. Prof. P. van Eldik was die eerste persoon om vanaf 1991 hierdie permanente benoeming te aanvaar.[247] Dit is ook die enigste persoon/amp wat as lid toegevoeg is tot die reeds bestaande Bestuurskomitee – laasgenoemde in vele opsigte die hartklop van die Universiteit.

Prof. Reinecke was besonder geïnteresseerd in moontlike wyses waarop 'n "nuwe universiteitsmodus vir 'n tegnologiegenerasie" ontwikkel kon word om gehalte en praktykgerigtheid verder te bevorder. In 2001 is 'n bespre-kingsdokument deur hom en prof. F. van Niekerk, genaamd die Institusionele Model, bekendgestel.[248] Hierin is 'n klemverskuiwing tot die benadering van kennis aanbeveel. Waar institusionele kennisproduksie, histories beskou,



*Prof. P. van Eldik as eerste Bestuurder: Tegnologie en Ontwikkeling, 1991   (Bron: PUK-Argief)*

veral in resultate en uitkomste gesetel was, was die doel met die Institusionele Model om toe te spits op 'n nuwe proses waarin die strukturering van kundigheid (insluitend navorsingsresultate, kortkursusontwikkeling en konsultasiedienslewering) as kerntake van die Universiteit uitgebou word. Hierdie visie het dus die volgende behels: 'n aantal sake-entiteite of -vennootskappe binne die akademiesgedrewe, vaardigheidsgerigte programme wat met die finansiële steun van 'n onafhanklike besigheidsarm, PUK-Kom, hierdie entiteite kon laat funksioneer. Die opstellers van dié model, 'n model bekend as die Modus 2-benadering tot kennisproduksie,[249] was van oordeel dat die nuwe ontwikkelinge ten volle met die Christelike grondslag, etos en waardes van die Universiteit versoenbaar moes wees. Ook moes die missie sodanig verbreed word dat die Universiteit se kundigheid binne die internasionale en Afrika-konteks aanvaarbaar en bemarkbaar sou kon wees.




*Die Sentrum vir Navorsing en Kommersialisering, Pretoria (Bron: A. Joubert, Sentrum vir Navorsing ..., Pretoria)*

Daad is by die woord gevoeg en onder leiding van prof. Eddie Mathews is die Sentrum vir Navorsing en Kommersialisering in Boardwalk Park, Pretoria gevestig. Hierdie Sentrum het teen 2003 sowat 18 nagraadse en na-doktorale studente geakkommodeer wat onderrig is deur drie dosente, wat jare lank in die praktyk gestaan het.[250] Ander suksesse binne die Modus 2-benadering was onder meer sigbaar in navorsingsprogramme (die Sasol Sentrum vir Skeidingstegnologie); in onderrigprogramme (die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika as 'n gesamentlike onderneming tussen die PUK/NWU en ABSA op die terrein van finansiële risikobestuur) asook in die jaarlikse The Technology and Human Resources for Industry (Thrip)-programme van die National Research Foundation (NRF). Wat dienslewering aan die gemeenskap betref, staan die aktiwiteite van die aptekers binne die strukture van die Centre for Quality Assurance of Medicine (CENQUAM) weer uit.[251] Die kommersialisering van navorsing met die oog op kreatiewe besigheidskepping is beskou as 'n dinamiese poging om teorie (kennis uit navorsing) en praktyk bymekaar uit te bring.

## • Navorsing meer prominent

Prof. Reinecke het ook andersoortige prosesse geïmplementeer om van die PU vir CHO 'n navorsingsinstansie van uitnemendheid te maak. Onder meer is die pos Viserektor: Navorsingsontwikkeling in 1994 [252] ingestel. Daarop het die stigting van die Sentrum vir Regionale Ontwikkeling (SENRIO) en die transformasie van die Departement Openbare Betrekkinge sowel as die daarstelling van die nuwe Buro vir Bemarkingsdienste binne hierdie viserektoraat beslag gekry.[253]

Met behulp van die insette van internasionale kundiges is strukture geskep waardeur die opleiding vir meesters- en doktorsgrade in die pas betrede 21ste eeu by wyse van 13 navorsingsfokusareas tot uitvoer gebring kon word. Binne hierdie navorsingsfokusareas is bestaande nagraadse programme gevestig en aangepas.

Die gehalte en standaard daarvan is teen 2001 aan die European Universities Association (EUA) vir evaluering voorgelê.[254] Uiteindelik het die 13 nagraadse navorsingsfokusareas wat geïdentifiseer is, breedweg die Departement van Onderwys se beoogde studievelde (die Nasionale Kwalifikasie Raamwerkvelde) gereflekteer.[255]

## • Bestuursfasette

In president F.W. de Klerk[256] se veelbesproke 2 Februarie 1990-toespraak het hy onder meer oor onderwysvernuwing opgemerk dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika moet verander om die meerderheid van die bevolking se aanvaarding te geniet.[257] Mettertyd het 'n nuwere visie ook gelei tot die aanvaarding van nuwe wetgewing




***Prof. Stef Coetzee van SENRIO (Bron: PUK-Argief)***

om onder meer voorsiening te maak vir die uitbreiding van die Universiteitsraad om sodoende studente, ondersteuningspersoneel en donateurs in te sluit.[258] Tydgegewe behoeftes het dus in vele opsigte die bestuurstyl van 'n rektor soos dié van prof. Reinecke bepaal. Net so was die sensitiewe en effektiewe wyse waarop sodanige eise uitgevoer is, bydraende faktore om te bepaal of 'n rektor suksesvol was gedurende sy termyn. 'n Aspek wat reeds vroeg in die Reinecke-bestuurstermyn besondere aandag gekry het, was die grondige hersiening van die A-regulasies van die Universiteit om interpretasieprobleme uit te skakel.[259]

Vanweë streng finansiële bestuursdissipline van die hand van prof. Johan Rost,[260] is elke jaar van die Reinecke-rektorskap met 'n surplus afgesluit. Die opgehoopte kapitaalfonds van die PUK het van R80 miljoen in 1988 tot R306 miljoen toegeneem, terwyl die likiditeit van die PUK verbeter het van 'n oortrokke bankrekening van R10 miljoen in 1988 tot kontantbeleggings van R164 miljoen in 2000[261] en 'n bedryfsurplus van R5,2 miljoen teen 2001. Die Universiteit het gedurende hierdie jaar 54% van sy eie bedryfsinkomste gegenereer.[262]

## • Internasionale skakeling

Prof. Reinecke was by uitstek ook 'n vormer en bouer van groter internasionale skakeling en erkenning deur die benutting van nuwe tegnologiese kundigheid soos die vermelde telematiese onderrig: 'n ideaal wat hy gekoester en in praktyk gebring het na 'n tiental reise in die buiteland



***Die Staatspresident (oud-Puk en latere Kanselier) F.W. de Klerk lewer sy veelbesproke Feb. 1990-toespraak***
***(Bron:*** **W.J. de Klerk, Die man en sy tyd, F.W. de Klerk)**




*Skakeling met die Universiteit van die Noordweste, Januarie 1992: v.l.n.r. mnr. C.G. Knowles (Direkteur: Openbare Betrekkinge UNIBO), prof. A.J. Viljoen (Viserektor: PU vir CHO), prof. I.J. Rost (Registrateur: Finansies, PU vir CHO), mnr. S. Thurairajah (Finansiële Kontroleur: UNIBO), prof. Z.M. Chuenyane (waarnemende Adjunkvisekanselier: UNIBO), prof. J.M. Phala (Akademiese Beplanning: UNIBO), prof. C.J. Reinecke (Visekanselier en Rektor: PU vir CHO), prof. W.E. Scott (Registrateur: PU vir CHO), mnr. W.C. Windell (Direkteur: Openbare Betrekkinge, PU vir CHO), prof. J.J. de Wet (Viserektor: Vaaldriehoekkampus), prof. J.E. Setshedi (Adjunkvisekanselier: Studentesake, UNIBO), mnr. N. Molusi (Adjunkregistrateur: Studentesake, UNIBO) (Bron: PUK-Argief)*

en skakeling met opvoedkundiges wêreldwyd – veral met dié in die VSA en Nederland.[263] Hierdie visie van Reinecke het, heel gepas, rigting gekry nadat die internasionale boikot-aksie teen 1989 amptelik opgehef is.[264] Om weer die vertroue van buitelanders te verkry, het egter baie insette geverg – iets wat Reinecke dan ook met erns onderneem het. Die bemarking, bevordering en meting van besondere kundigheid en kennis van internasionale standaarde was vir Reinecke sleutelbegrippe in die verwerwing van akademiese respek en status op tersiêre vlak.[265]

## • Rasionalisering voortgesit

Die rasionalisering van dienste en personeel sedert die rektorskap van prof. Van der Walt, komende as 'n voorstel van die staat, en met die ondersteuning van die KUH,[266] het sommige tersiêre akademiese departemente en personeel van jaar tot jaar met onsekerheid gelaat. Nie dat daar, te oordeel aan die personeelsterkte binne die akademiese korps sedertdien, 'n noemenswaardige rasionaliseringsproses gevolg is nie. Eerder was dit binne die werkskring van C2- en ondersteuningspersoneel (C3) waarin die vernuwende bestuursfokus van die PUK aanleiding gegee het tot meer uitgekontrakteerde diensverskaffers aan die PUK. Gevolglik het die nuwe werkgewers verantwoordelikheid aanvaar vir hierdie "ou" PUK-personeel.[267] Die uitkontraktering van sekere dienste op die kampus het noodwendig vir sommige werknemers rasionalisering beteken. Sommige werknemers was daarvan oortuig dat verskuilde agendas tot hierdie stap aanleiding gegee het. Hierdie proses was egter onstuitbaar, net soos ander transformerende besluitnemings van dié tyd, soos die Private Wetvan die PUK wat ondertussen in sy geheel hersien is en in 1993 deur die parlement aanvaar is.[268]

Drie ander agendas wat die Rektor, prof. Reinecke, wel in die interne rektorsverslag van 1995 geartikuleer het as van besondere belang vir die PUK, was die nasionale agenda van die regering; die internasionale agenda in 'n nuwe bedeling van internasionalisering, oftewel globalisering, en die ewige agenda. Die ewige agenda is gesien as 'n uitdaging vir die PU vir CHO om binne die nuwe nasionale en internasionale bedeling tot sy reg te laat kom.[269]

## • Tersiêre konsortiums en samewerking op streeksvlak as nuwe tendens in die onderwys

Teen 1995 het die onderwysideaal, strategiese beplanning en toekomsfokus van prof. Reinecke en die Raad stelselmatig begin infaseer. Vir die PUK was die reeds vermelde vestiging van die Sentrum vir Regionale Ontwikkeling (SENRIO) gedurende hierdie jaar 'n mylpaalpoging om die kundigheid van die Universiteit na buite te mobiliseer en te bemark. By SENRIO is ontwikkelingsgerigte navorsing gekoördineer, adviesdiens gelewer en beleidsontledings gedoen.[270] Dit is alles moontlik gemaak deur finansiële ondersteuning van buite soos die Gencor-borgskap van vyf jaar wat in 1996 verkry is.[271]



*Die PUK-bestuur in gesprek met hooggeplaastes in die Noordwesregering (Bron: PUK-Argief)*

SENRIO het na 1998, met die herstrukturering van die akademiese programme tot fokusareas, ontbind en die werksaamhede daarvan is in die fokusarea Omgewingswetenskappe en -Bestuur geïnkorporeer.[272]

Ander regionale uitreikingsprogramme waarin sosiale betrokkenheid en akademiese ondersteuning deur middel van opleidingsprogramme gedurende die negentigerjare beklemtoon is, is onder meer Saterdagskole; die Regshulpsentrum; die Nyologang Educare-projek vir kleutersorg en gesinsverryking; die "Women's Outreach Foundation: 'Ten' Programme" om vroue te bemagtig en die Adviesburo vir Kleinsakeondernemings (ABKS). Spesifieke akademiese ondersteuning wat gebied is en waardeur sertifikate verwerf kon word, was deur middel van onderwysersopleidingsprogramme; die Universiteitsdiploma in Musiek; die Sentrum vir Musiekopvoeding; die Hoër Onderwysdiploma in Tegnologie en die Eenheid vir die Bevordering van Onderrig in Natuur- en Skeikunde (EBONS).[273]

In vele opsigte kan die Telematiese Leersisteemstelsel vanaf 1996 ook as 'n regionale inisiatief beskou word, wat verder uitgereik het namate die stelsel groter bekendheid verwerf het. In wese was TLS deel van 'n groter tersiêre proses om die sowat halfmiljoen studente in die algehele onderrigstelsel te akkommodeer, sowel as om voorsiening te maak vir 'n verwagte 1,5 miljoen studente teen 2005.[274]

'n Verdere kenmerk van die universiteitswese in Suid-Afrika, naas die uitreikproses binne die TLS-onderrigstelsel, was dat universiteite in die algemeen konstruktief begin uitreik het met onder meer die vorming van konsortiums en samewerking in streeksverband.[275] Oor dekades heen het studente geneig om eerder by universiteite die naaste aan hul ouerhuis in te skryf om die onkoste wat tersiêre studie meebring so laag moontlik te hou.[276]

Die Ministerie van Onderwys was gedurende die negentigerjare ook begerig om Suid-Afrika se 21 universiteite, 15 technikons en 85 opleidingskolleges in streeksverband te verbind om sodoende 'n duplisering van dienste, waar moontlik, uit te skakel. Of tersiêre instansies met hierdie voorneme van die Ministerie gelukkig was, is nie so duidelik nie. Gedurende hierdie dekade is geïsoleerde pogings wel aangeteken waarin die PUK en die Universiteit van die Noordweste in Mmbatho nouer samewerking probeer bewerkstellig het.[277] Op 9 Junie 1999 is die inlywing van die Potchefstroomse Onderwyskollege[278] en die Sebokeng College of Education deur die Minister van Onderwys aangekondig. Hierdie inlywing is ten opsigte van die Potchefstroomse Onderwyskollege op 31 Januarie 2001 afgehandel, maar nie sonder die nodige administratiewe en bestuurskompleksiteite nie.[279] Hierdie amalgamasie het 'n skenkingsinkomste van R18 161 miljoen vir die PUK beteken.[280] Met Vista in die Vaaldriehoekgebied is ook nouer skakeling bewerkstellig.[281]

Wat die PUK, die Technikon North West (TNW) en die Universiteit van die Noordweste (UNW) byvoorbeeld in 2000 as 'n kontroversiële voorstel beleef het toe daadwerklike samewerking deur die regering as 'n vereiste ter sprake gebring is,[282] het minder die geval geblyk te wees teen September 2002.[283] Die veranderde houding teenoor samewerking het duidelik geblyk toe die eerste samewerkingsmodel tussen hierdie tersiêre instansies aangemoedig is deur die Ministerie van Onderwys om op hierdie wyse ontslae te raak van die "last vestiges of Verwoerd's pernicious ideology of 'separate but equal development' in the educational arena". Die doel van die samewerkingsmodel – aldus die memorandum van die Ministerie – was om nie dieselfde "skadelike" pad te loop nie, maar om die onderwysstrukture eerder meer lewensvatbaar en volhoubaar te maak.[284]

Die enigste skynbare oorblyfsel van bovermelde "skadelike" pad deur die eertydse Eerste Minister, dr. Verwoerd, wat reeds vroeg in die 21ste eeu nagevolg is en in geen onduidelike taal gestel was nie, is die afdwingbaarheid van ministeriële mag tot samesmelting as tersiêre instel-


lings hulle sou verset.[285] Gevolglik het sowel die PUK as die UNW die opsie van samewerking heroorweeg.[286]

## • Prof. Reinecke lê die tuig neer

Na 13 jaar van rektorskap was die uitgebreide bestuurstruktuur en gekonsolideerde, meer fokusgerigte onderrigprogramme sodanig gevestig dat studentegetalle verdubbel het. Ook het die Universiteit se inisiatief met die suksesvolle internasionale kwaliteitsouditering van sy onderrigprogramme nasionale geloofwaardigheid en erkenning verkry. Prof. Carools Reinecke was van oordeel dat 'n ieder en elk, gesamentlik of individueel, binne die naam en struktuur van die Universiteit 'n verantwoordelikheid het om "in te breek" in die geskiedenis, en daaraan inhoud, vorm, koers en rigting moet gee. Aan hierdie strewe het hy wel deeglik en suksesvol gestalte gegee[287] voor sy amptelike uittrede op 31 Oktober 2001. Gepas was hierdie woorde van prof. Marié Wissing namens die personeel tydens sy afskeidsgeselligheid op 31 Oktober 2001: "Prof. Carools, namens die personeel van die PUK: ... baie dankie vir jou visie waarmee jy voorgeloop het – jy het ons besiel, betower, betinkel en totaal uitgeput ... baie dankie vir jou bemoeienis met kwaliteit – dit voel goed na binne en fier na buite ... baie dankie vir die voorbeeld van 'n Christen mens, wetenskaplike en rektor wat jy was – en dat jy saam met die rektor-wees ook nog in Promosa kon katkisasiemeester wees ... en daarom dan ook, baie dankie vir jou veelfasettigheid – 'n voorbeeld van 'n vol mens – van Biochemie tot digbundels, van Twente tot in die Wildtuin, van rektorswerk op nasionale en internasionale vlakke tot die sing van al die psalmversies uit jou kop in die kerk ...".[288]

Nie prof. Reinecke of een van die vroeër gemelde rektore was egter in staat om hulle intellektueel en emosioneel volkome te distansieer van tydgegewe eise nie. Dit blyk dat elkeen van die rektore goed kon assosieer met en toegerus was om hierdie eise binne die tyd waarin hulle as rektore opgetree het, met onderskeiding te bestuur. Elkeen van hulle het 'n passie gehad vir die veronderstellings wat deel is van die PUK-grondslag, te wete die Christelike aard daarvan sowel as 'n onbeskaamde assosiasie met Afrikaans. Tog is die toekoms van die PUK dikwels as "donker" beleef – vanaf die termyn van prof. Postma met sy siening van die sombere "donker" toekoms (1942)[289] tot prof. Reinecke se belewing van dieselfde toekomsscenario aan die begin van sy eerste rektorstermyn,[290] tot en met sy aftrede in Oktober 2001. Tog het elke rektor die eise van die tyd hanteer – met 'n mindere tot meerdere mate van tevredenheid – en kon hulle terugkyk op dit wat vermag is. Toe dit weer tyd was om 'n nuwe rektor te benoem, sou ook hy in staat moes wees om die nuwe tydsgegewe eise met kundigheid en oorleg te verwerk en tot voordeel van die PUK te bestuur.

***Kanselier D.C. Cronje***



Daniel Christiaan Cronje is op 9 September 1946 gebore. Hy matrikuleer in 1964 aan die Hugenote Hoër Seunskool Springs. Na 'n jaar se militêre diensplig aan die Leergimnasium voltooi hy 'n B.Comm.-graad in 1968 aan die PU vir CHO. Hy sit sy nagraadse studie aan sy Alma Mater dadelik voort en verwerf in onderskeidelik 1973 en 1975 'n M.Comm.- en D.Comm.-graad. Ten tyde van sy studie was hy by Sanlam se beleggingsafdeling werksaam waarna hy vanaf 1972 tot 1975 as lektor by die PUK doseer het. Daarna het hy vir etlike jare by Volkskas Aksepbank Beperk ingeskakel. In hierdie hoedanigheid is hy in 1980 benoem as Hoofbestuurder: Binnelandse Bank, Internasionale en Kredietkeuring van Bankfiliale.

Na verloop van vyf jaar is Cronje bevorder tot Besturende Direkteur van Volkskas Beperk.[399] In 1992 is Cronjé as ereprofessor in die Fakulteit Ekonomie benoem.[400] Gedurende hierdie jaar is hy ook as 'n raadslid van die PU vir CHO benoem.[401] Hy is in Februarie 1999 as Kanselier van die PU vir CHO ingehuldig – 'n posisie wat hy tot Desember 2003 nog beklee het.


### 3.3.7 'n Gewysigde tersiêre protokol, 2002-2004

Gedurende Junie 2001 – binne 'n dinamiese tydvak van fokusvernuwing en besinning in die onderwys – volg dr. Theuns Eloff se rektorsbenoeming aan die PU vir CHO vanaf Januarie 2002. Op 6 Februarie is hy ingehuldig as Visekanselier en Rektor van die Universiteit.[291] Met hierdie benoeming het die PU vir CHO-bestuur 'n veelseggende boodskap uitgestuur. Eloff, so is gesê, is nie "'n patriot van die Afrikaanse taal" of "handhawer van fundamentalistiese Calvinisme" nie, maar wel 'n "geloofsverankerde denker en doener".[292]

Theuns Eloff was die tweede teoloog wat daarin kon slaag om vir die rektorskap van die PUK benoem te word. Vir senior personeel was hy nie 'n vreemdeling nie. Soos baie van sy voorgangers was hy 'n oud-Puk, besonder gemeenskapsgerig en 'n kontroversieel andersdenkende – veral as PUK-student gedurende die sewentigerjare.

## • Die bestuursbeeld van Eloff as student

As eertydse student van die PUK was Eloff bekend vir sy uitgesprokenheid, veral as 'n rebel teen apartheid en as 'n



***Rektor (en later Institusionele Visekanselier) T. Eloff***

Theuns Eloff is op 17 Mei 1955 te Potchefstroom gebore. Hy het sy skoolloopbaan hoofsaaklik in Potchefstroom (Laerskool Mooirivier en Hoërskool Gimnasium) voltooi.

Theuns Eloff het in 1972 aanvanklik as voornemende regstudent aan die PUK geregistreer, maar in sy derde jaar na Teologie oorgeskakel en hy het teen 1989 'n Ph.D. in Teologie (deeltyds) aan sy Alma Mater voltooi. In sy studentejare vanaf 1972 tot 1981 was hy onder meer vir drie jaar Studenteraadsvoorsitter van die PU vir CHO, asook die President van die Afrikaanse Studentebond (ASB) en stigterslid van die latere Polstu – 'n vereniging van Afrikaanse studente wat destyds van die ASB weggebreek het om 'n meer gematigde politieke rigting te volg as wat geglo is die ASB doen. Hy het ook 'n prominente rol gespeel in die Thalia-toneelvereniging en het vir jare PUK-rugby gespeel. Voorts was hy mede-ondertekenaar van die Koinonia-verklaring wat in wese Christelik-reformatoriese kommentaar op apartheid aan die breë samelewing wou deurgee. Na die voltooiing van sy studie het hy eers sy diensplig voltooi, maar daarna nie dadelik 'n beroep ontvang nie.

Derhalwe was hy vanaf Maart 1980 vir 'n tyd lank Skakelbeampte by die Studentegemeenskapsdiens op die Potch-kampus en was hy veral betrokke by die Promosa-kleurlingwoongebied buite Potchefstroom. Daarna is hy vanaf Januarie 1983 as dosent in Bybelkunde aangestel. Dié aanstelling het egter nooit gerealiseer nie, aangesien sy beroepsloopbaan gedurende hierdie jaar momentum gekry het toe hy op 29 Januarie 1983 'n beroep as studenteleraar by die Gereformeerde Kerk Brooklyn (Pretoria) aanvaar het. Gedurende Julie 1987 het hy deel gevorm van die destyds omstrede groep Suid-Afrikaners wat met ANC-"uitgewekenes" te Dakar in gesprek getree het. Hierdie uitnodiging om deel te hê aan die gesprek het hom klaarblyklik per toeval ingesluit ná die politikus, Frederik van Zyl Slabbert, se uitnodiging aan een van sy vriende tydens 'n politieke vergadering. Hierdie besluit sou 'n wending in sy beroepsloopbaan en roeping tot gevolg hê na etlike maande van ontevredenheid onder Brooklyn-gemeentelede. Gevolglik het Eloff in die vroeë negentigerjare die pos aanvaar as Hoof van die Consultive Business Movement (CBM)/Konsultatiewe Sakebeweging en daarna die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI).

Laasgenoemde was verantwoordelik vir die nasionale vredeskonferensie en die administrasie en logistiek van die KODESA-onderhandelinge oor die grondwet in Kemptonpark. Na afloop hiervan het hy sy loopbaan as hoof-amptenaar van die NBI op ander terreine voortgesit en nasionale en internasionale verbintenisse gevestig.

Om 'n daadwerklike bydrae tot die vredesproses in Suid-Afrika te lewer, het een van sy lewensdoelwitte geword. In 1995 is Theuns Eloff in Skotland vereer as een van die wêreld se tien voortreflikste jong mense. Teen Junie 2001 is hy as Rektor van die PU vir CHO benoem. Volgens verklarings wat uitgereik is, was dit dr. Eloff se geloofwaardigheid oor rassegrense heen, sy politieke "oopkop"-volwassenheid en sy moderne manier om sake demokraties te hanteer, sowel as sy bestuursvernuf wat aan hom die rektorskap besorg het.[398] Eloff is in 2004 as die Institusionele Visiekanselier van die Noordwes-Universiteit benoem.

leier wat bereid was om denkveranderings in werking te stel in dit wat hy meen "reg" was.[293] Sy uitgesprokenheid vir oop universiteite het etlike studente en sommige lede van die ASB, die Universiteitsraad en Jan Publiek gefrustreerd gelaat het – sodanig dat Eloff as 'n liberalis getipeer is.[294] Maar dan was dit ook sy oop en gemaklike benadering oor dans en kleredrag wat hom soms op die rooitapyt van die Universiteitsowerheid gebring het. Oor Eloff se studentebeeld as 'n oënskynlik "verligte" denker, kon weliswaar ook soms gewonder word. 'n Knypie outokratisisme en konserwatisme is soms in sy besluitneming as eertydse Studenteraadsvoorsitter te bespeur waar dit as vanpas en in ooreenstemming met "aanvaarbare norme en sedes" geag is. Hiervan was die trompoppie-"dispatronering" [sic] gedurende sy 1978-termyn as SR-voorsitter 'n sprekende voorbeeld.[295] Alhoewel hy ongetwyfeld vernuwende denke gedurende sy ASB- en SR-voorsitterstermyne geïnisieer het, was sy fokus vir samewerking met ander kleurgroepe in dié tyd minder suksesvol – laasgenoemde persepsie aldus die Engelstalige pers.[296]

## • "Sommer net Theuns" in die akademiese wandelgange en bestuurslokale


Met sy eerste amptelike rektorsoptrede het dr. Theuns Eloff sy ampsverpligting as leier meer beskou as dié van 'n medebestuurder. Daarmee het hy die assosiasie dat hy 'n

akademikus/dosent is wat kan, of sou kon klasgee, die nek ingeslaan. Anders as sommige ander medebestuurders het hy daarom besluit om nie 'n professoraat te aanvaar nie, maar eerder net as " dr. Theuns Eloff" bekend te wees en onder alle PUK-kollegas as "Theuns". Hy wou en het ook deurgaans 'n oop en informele, nie-amptelike, bestuurstyl verkies.[297] Persoonlike bestuursentimente soos konsensusgerigtheid, vrede, 'n openheid teenoor almal, sowel as eienskappe soos vertroue en respek kenmerk sy "nuwe styl". Met hierdie bestuurstyl en benaderingswyse wou hy die PUK-personeel en studente meeneem, eerder as met die sensitiwiteite en vraagtekens oor die "CHO"-debat en die toekomstige akademiese taal vir die PUK.[298]

'n Aangepaste bestuurstruktuur vir die Bestuurskomitee (BK) het kort na Theuns Eloff se rektorskap gevolg. Bene-wens die gebruiklike werksaamhede van die BK, is take ook opgedra aan die die Uitgebreide Bestuurskomitee (UBK) vanaf 28 Januarie 2002. Hierdie UBK het alle dekane, hoofdirekteure en direkteure van die Vaaldriehoekkampus as verteenwoordigers ingesluit. Die vernaamste taak wat aan die UBK opgedra is, is om die rektor van advies te bedien oor sake wat in verband staan met die kerntake van die Universiteit.[299] Voorts is onder meer besluit om nie 'n adjunkhoof te benoem nie, maar dat een van die viserektore in sy afwesigheid moes optree. Die bekwame prof. Willem Scott is in Januarie 2002 as eerste permanente Ddjunkhoof benoem.[300] Prof. Scott se skielike dood[301] het daartoe gelei dat prof. Piet Prinsloo, Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, die adjunkhoofskap vir die 2002-termyn hoofsaaklik moes uitvoer. (Hierdie adjunkhoofskap sou op 'n roterende basis funksioneer.) Hierdie taak moes Prinsloo vervul saam met die bykomende verpligtinge in die pos Viserektor: Akademies vir die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Teologie, Opvoedingswetenskappe en Regte.[302] Soos deur die Universiteitsraad in 2000 besluit, is die pos Viserektor: Akademie (Natuurwetenskaplike en Ekonomiese Fakulteite), Tegnologie en Kommersialisering vanaf 2002 ingestel as plaasvervangend vir een van die toe bestaande viserektorsposte.[303]

Dr. Eloff het stelselmatig begin om gepaste elemente van drie ander bestuursmodelle vir universiteite (naamlik die tradisionele kollegiale, die burokratiese en die korporatiewe) te inkorporeer in die vernaamste fokus, naamlik 'n ondernemende bestuursmodel – 'n benadering wat veral in prof. Reinecke se rektorstermyn begin is.[304] 'n Ander aspek wat ook van die Eloff-termyn opval, is die tweetalige voorbereiding van sommige bestuursdokumente vir bespreking deur die Raad[305] – 'n praktyk wat reeds in die Van der Walt-rektorstermyn met die beknopte jaarverslag van die Raad begin is.[306]

Prof. Willem Scott se dood het die beplanning van dr. Eloff se beoogde wysiging van die struktuur van die



***Prof. W.E. Scott (Bron: PUK-Argief)***

Bestuurskomitee (BK) verhaas. Drie viserektore en drie registrateurs is benoem/herbenoem om die bestuurstaak van die PUK saam met die rektor en binne die raamwerk van BK-funksies en -beginsels, te onderneem.[307] Die BK is verder uitgebrei deur die insette van dekane en hoofdirekteure en hierdie byeenkomste binne die UBK-struktuur is geïmplementeer met die oog op die praktiese uitvoering van 'n meer horisontale bestuursbemagtigingsproses.[308]

Kort voor die einde van prof. Reinecke se rektorperiode is 'n proses van (meer) effektiewe bestuur ondersoek. 'n Aantal bestuurshoofde (al die dekane, viserektore) sowel as dr. Eloff het dus die November 2001-besoek aan drie Nederlandse universiteite meegemaak. Daarna is besluit om 'n nuwe benadering tot die opstel van die Universiteitsbegroting te volg deur die besluitnemingsbevoegdhede na die toepaslike bestuursvlak te kanaliseer. Ook is besluit om sommige geldstrome wat nie in die verlede werklik binne die begroting verdiskonteer is nie, byvoorbeeld staatsnavorsingskontrakte, projekinkomste en buitelandse navorsingsinkomste, deel van die 2003-begroting te maak. Dit was historiese besluite wat groter deelname en deursigtigheid in die Eloff-bestuurstermyn verder bevorder het.[309] Besluitneming in dié opsig is verwelkom, aangesien die gebrek aan medebestuur en -verantwoordelikheid op bestuursvlak tot selfs 2002 nog beskou is as die rede waarom die ondergemelde kommentaar gemaak is in die samevattende verslag van die beantwoorde vrae in die Eloff-vraelys van 2002. Onder die opmerkings wat gevind is, was die volgende: "Die onbuigsame, outoritêre en nie goed-beplande proses van nuwe studiegidse en irrelevante verpligte modules in vakpakkette word as struikelblokke ervaar. Daar word te veel gejaag na getalle, terwyl alumni verwaarloos word".[310]

Nog 'n andersheid wat dr. Eloff in sy eerste bestuursjaar aangepak het en 'n gebruik geword het wat nie verwaar-

loos is nie, was om byna weekliks en soms maandeliks, per elektroniese pos met alle werknemers te skakel deur 'n gereelde toeligtingsbrief met inligting oor wat op 'n gegewe tydstip deur die oorhoofse bestuur gedoen en beoog word. Na afloop van sy eerste jaar in die rektorstoel het hy versoek dat sy rektorsrol en -benadering as "medebestuurder" van die PUK intern deur alle permanente personeel, asook ekstern, geëvalueer word.[311] Uit die ontleding van die vraelyste het dit geblyk dat die meerderheid PUK-werknemers die informele en deursigtig-transformerende bestuursleierskap van hul rektor positief ervaar het.[312]

Wat dr. Eloff in sy taakbeskouing verder beklemtoon het, was dat dryfvere vir verandering in universiteite inderdaad die gevolge is van wêreldtendense ten opsigte van verandering in die staat en ook vanuit universiteite self. Derhalwe sy beklemtoning dat verandering as 'n onafwendbare gegewe beskou moet word en dat die PUK daaraan gewoond moet raak en daarmee moet leer saamleef.[313] Drie take, as deel van 'n vyfjaartermyn, het hieruit voortgevloei.

Onder meer is die voorgestelde verandering in effektiewe bestuur – soos dit in 1996 geïmplementeer is as resultaat van die rektorstermyn van prof. Van der Walt en effektief toegepas is in die Reinecke-termyn – in die Universiteit se A-reëls opgeneem en vanaf die einde van Januarie 2002 daadwerklik tot op grondvlak gedebatteer. Groter besluitnemingsbemagtiging van dekane en ondersteuningsdepartemente is beoog. 'n Groter aanvaarbaarmaking van die PUK in die buitewêreld was 'n ander doelwit wat gestel is – 'n mikpunt wat veral in gehalteversekering geanker moes wees. Ook die saak van strategiese posisionering en die persepsies van die beeld van die PUK en die Christelike grondslag daarvan, moes ernstig ondersoek word.[314]

## • Daad by die woord

Die eerste jaar van Theuns Eloff se rektorstermyn was nie net 'n jaar waarin geteoretiseer en gevisualiseer is nie, maar dit was ook 'n jaar waarin hy standpunt moes inneem ten opsigte van die CHO-karakter van die Universiteit.[315]

Daarbenewens het die beoogde samesmelting van die PUK met die UNW ook voorgelê. Saam met die rektore van ander histories Afrikaanse universiteite was Eloff ook betrokke by die taaldebat oor Afrikaans as akademiese taal.[316] Pogings is aangewend om die Ministerie van Onderwys te oortuig dat Afrikaans as universiteitstaal 'n noodsaaklikheid en 'n behoefte is.[317] Hierdie debat het nie teen 2003 enigsins verder gevorder nie. Eloff het wel in 'n persverklaring genoem dat die PUK Afrikaans as onderrigtaal behou en dat met 'n opwindende projek begin is om gelyktydige vertaling van lesings voor te lê. Hy het egter bygevoeg dat "Afrikaans as onderrigtaal behoue sal bly solank as Afrikaanse ouers hul kinders na ons [die PUK] toe stuur".[318]

Ander minder kontroversiële aangeleenthede, maar tog belangrike kernsake waaraan verder in die Eloff-termyn geskaaf is, is die uitbou van 'n innoverende kampuskultuur, die bevordering van gehalte, vakfilosofiese begronding, 'n prestasiebestuurstelsel en personeelontwikkeling.[319]

## • Die proses van tersiêre amalgamering stu voort

Die September 2002-model met die oog op die amalgameringsproses tussen die PUK en die UNW[320] was waarskynlik een van die mees prominente sake wat die nuwe Rektor, dr. Eloff, hanteer het. Hierdie model wat nie heeltemal in ooreenstemming was met wat die Ministerie in gedagte gehad het nie, naamlik die model van 'n unitêre samesmelting, is op 4 Oktober 2002 deur die Rektore van albei universiteite, drr. M.N (Ngoato) Takalo van die UNW en Theuns Eloff van die PUK, aan die Ministerie voorgelê.[321]

'n Gesamentlike Operasionele Span (GOS) van tien lede (die twee Rektore ingesluit) is aangewys om vanaf 30 Oktober 2002 die proses van konsensus tussen die twee universiteite te lei met die oog op die daarstelling van 'n nuwe hoëronderwysinstelling. Hierdie proses is in werking gestel onderwyl die twee Rektore 'n konsepvisie vir die nuwe instelling gevorm het vir oorweging deur die GOS. Die gestigte Gesamentlike Senatekomitee (GSK), die Gesamentlike Rade Oorsigkomitee (GRO), sowel as die onderskeie herstruktureringstaakspanne het ook die opdrag gehad om na die Programkwalifikasiemengsel (PKM) en 'n gesamentlike kommunikasiestrategie te kyk. 'n "Versoenbaarheidstudie" op etlike terreine van toekomstige samewerking is aanbeveel met die oog daarop om teen Maart 2003 die resultaat daarvan te hê. Voorts is die daarstelling van 'n Tussentydse Raad vir die begin van April 2003 geskeduleer,[322] en die totstandkoming van 'n Nuwe Hoër Onderwysinstelling (NHOI) oftewel die NHEI (in Engels die New Higher Education Institution) vir 30 Junie 2003 beplan.[323] 'n Nuwe oorkoepelende tersiêre identiteit vir die PUK was hiermee in proses in samewerking met die Universiteit van die Noordweste en die Sebokengkampus van Vista. Samesmelting was die erns van die Ministerie van Onderwys om sodoende 'n nuwe inklusiewe maar geloofwaardige institusionele kultuur en leierskap in die hoëronderwyssektor gevestig te kry.[324] Net so was dit 'n geldige ideaal vir die betrokke tersiêre instansies, maar 'n kopseerproses, aangesien die goed geformuleerde teorie vorentoe toenemend in die praktyk sou moes gestalte kry. Hierdie proses het onder meer van albei instansies se akademici vereis om dinamies mee te doen aan uitdagings wat vanaf 2004 voorgelê het vir die bestuur van voortaan drie kampusse, maar een oorhoofse bestuur.[325] Dit het die naamsdebat oor die "PU vir CHO" as toekomstige kampusnaam, of dalk keuses soos Potchefstroom Universiteit of PUK, opnuut op die voorgrond geplaas. Die Rektor, Theuns Eloff, was in Maart 2003 van oordeel

dat "the choice of name for the campus will in the end also have to fit in with the balance between unity and diversity, and the trademark principle."[326] Met hierdie uitlating was dit toe reeds vir PUK-werknemers en Jan Publiek duidelik dat die PUK-naam in gedrang mag kom.

Oor die PUK se inisiatiewe om nouer samewerking met die oog op samesmelting tussen die PUK en die Universiteit van die Noordweste in Mafikeng te bevorder,[327] was prof. Kader Asmal (Minister van Onderwys) meer inskiklik as oor die naamkwessie en die taaldebat.[328] Hierdie verwikkelinge, as uitvloeisel van toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, het noodwendig die Private Wet van die Universiteit in onbruik laat verval. Daarop is die Universiteit se institusionele statuut opnuut grondig hersien.[329]



***Dr. Theuns Eloff en dr. Ngoato Takalo saam in gesprek oor die beoogde samesmeltingsproses tussen die PUK en die Universiteit van die Noordweste, 2003 (Bron: PUK-Argief)***



***Dr. Theuns Eloff en die voormalige Minister van Onderwys, prof. Kader Asmal in gesprek oor die PUK, 2003 (Bron: PUK-Argief)***

Na etlike ontmoetings sedert Maart 2003 was die meerderheid tevrede dat 'n ooreenkoms in Augustus 2003 bereik is.[330] Teen September 2003 is bekendgemaak dat die Noordwes-Universiteit (NWU) die naam[331] van die nuwe instelling sou wees wanneer die PUK en die Universiteit van die Noordweste ingevolge regeringsbeleid saamsmelt.[332] Adv. Pansy Tlakula, Voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie, is aangewys as Voorsitter van die Interimraad wat vanaf Januarie 2004 gefunksioneer het voordat 'n amptelike raad in die lewe geroep sou word.[333] 'n Konsepstatuut vir die NWU is reeds in November 2003 deur die Interimraad goedgekeur.[334]

Dr. Theuns Eloff se uitgangspunt was dat die behoeftes en belange van die land gedurende sy rektorstermyn eerste gestel word. Ook moes universiteits- en onderwysbelang[335] swaarder weeg as taaldebatte en 'n ongesonde dienstigheid aan kerklike verbondenheid. Baie mense het derhalwe met gespanne verwagting uitgesien na wat die waardetoevoeging vanaf 2004 sou wees met die voorop-gestelde nuwe tersiêre bedeling in die Noordwes-provinsie. Die nuwe bedeling sou in werklikheid die PUK se 135 jaar van ryk akademiese geskiedenis afsluit om plek te maak vir 'n nuwe fase van onderwysgeskiedenis waarin die PU vir CHO voortaan net bekend sou wees as die Potchefstroomkampus. Verder was ook die verlies van die "CHO" in die brandpunt van belangstelling, want, so is gesê, nie beteken het dat die PUK van sy Christelike waardes afstand gedoen het nie, maar dat meer inskiklik en insluitend gefunksioneer sal word.[336] Hierdie tydperk was 'n era wat die Rektor afgesluit het met die woorde van president Paul Kruger: "Neem uit die verlede ... en bou die toekoms ..."[337]

***Die interim-embleem wat in 2004-2005 gebruik is om die samesmelting tussen die PU vir CHO, die Universiteit van die Noordweste en die inkorporering van die Sebokengkampus van Vista te simboliseer (Bron: PUK-Argief)***

Met die ingang van 'n nuwe tersiêre bedeling vanaf 2004 was die toekomsverwagting vir die meeste wat daardeur geraak sou word, waarskynlik onseker, maar tog hoopvol dat die bestuursveranderinge ten goede sal meewerk. Wat uit die verlede geneem kon word, was 'n rykdom aangename (maar ook minder aangename) herinneringe aan die wyse waarop die ontwikkeling van die PUK sedert selfstandigwording op 'n verskeidenheid terreine binne die universiteitswese én in die samelewing, 'n onuitwisbare bydrae gelewer het. Vanaf Hoofstuk 4 word in die PUK-verlede gedelf om juis daardie boustene te identifiseer waarop die toekoms met trots gebou kan word.



*(Bron: PU-Kaner, 1994(1) p.9)*

### *Prof. A.L. Combrink, eerste vrouerektor van die PUK*

Annette Louise Combrink (néé Marais) is op 14 September 1944 in Johannesburg gebore. Vandaar het die Marais-gesin eers na Vredefort in die Vrystaat en toe na Vereeniging verhuis waar sy ook gematrikuleer het, asook hoofmeisie en Dux-leerling van die Hoërskool Vereeniging was. Haar lewensreis het haar daarna nog verder wes geneem – Potchefstroom. Aan die PU vir CHO het sy die B.A-, B.A.-Honneurs en M.A.-grade almal met lof geslaag. Daarna volg die UOD te Unisa, terwyl sy gedurende die laat sestigerjare skoolhou by Hoërskool Wonderboom (Pretoria) en daarna, in 1971, by Girls' High (Potchefstroom). In 1972 aanvaar sy 'n lektoraat by die PUK waarna sy haar studies voortsit en in 1979 die D.Litt.-graad aan die PU vir CHO verwerf. Drie jaar later is sy bevorder na senior lektor, in 1986 tot medeprofessor en die jaar daarna tot vol professor asook Hoof van die Departement Engels.

Gedurende die veranderende onderwysbedeling in die negentigerjare is prof. Annette Combrink in 1998 benoem as Direkteur van die Skool vir Tale en Kunste, en in 2001 as Dekaan van Lettere en Wysbegeerte. Met hierdie benoeming het prof. Combrink ook die eerste vrou op die PUK geword om in 'n pos op hierdie vlak benoem te word. Op 1 September 2004 herskryf sy die geskiedenis verder deur die eerste vrouerektor vir die Potchefstroomkampus te word binne die nuut saamgestelde Noordwes-Universiteit, en waarskynlik ook die eerste vrou in die land om hierdie posisie aan 'n histories Afrikaanse universiteit te beklee. In ander opsigte was haar benoeming ook die vrug van haar besondere leierskap op etlike akademiese podiums.

Sy was onder meer die sameroeper van die Gesamentlike Senatekomitee wat oor die Universiteite in die nabye omgewing van die Noordwes Provinsie se samesmelting moes besin, en sy was teen 2004 nog Voorsitter van onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut en die Nasionale Standaardeliggaam vir Tale en Kommunikasie van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Prof. Annette Combrink was vroeër getroud met wyle dr. Jacob Combrink. Sy is daarna getroud met prof. Don Loots en hulle het agt kinders en sewe kleinkinders.[402]